# Proefskrifbespreking

Jonker, WD – Van Wyk, IWC 1987. *Das Theodizeeproblem als Orientierungspunkt der kirchenpolitischen und theologischen Streitfragen* ........ 935

# Boekbespreking

Beukes, APJ – Botha J 1988. *Versoening: In die Bybel en in die praktyk van die huidige Suid-Afrika* ........ 939
Bezuidenhout, LC - De Villiers, PRG (red) 1988. *Hoe lees 'n mens die Bybel?* 940
Botha, CJ – De Groot, CG 1988. *Aurelius Augustinus (354–430): Die rustelose waarheidsoeker* ........ 943
Dreyer, TFJ – Killinger, J 1985. *Fundamentals of preaching* ........ 944
Dreyer, TFJ – Pieterse, HJC 1987. *Communicative preaching* ........ 946
Dreyer, TFJ – Van Staden, S 1988. *My groei en ontwikkeling as mens* ........ 949
Engelbrecht, E – Mbali, Z 1987. *The churches and racism: A black South African perspective* ........ 950
Labuschagne, JP – Smuts, JC 1987. *Holism and evolution* ........ 951
Naudé, RM – Douma, J 1987. *Mediese etiek* ........ 954
Naudé, RM – Van Wyk, JH & Van der Walt, AJ 1988. *Kunsmatige voortplanting vanuit etiese en juridiese hoek bekyk* ........ 955
Naudé, RM – Van der Walt, PGL 1987. *Die Christen en dans: 'n Nuwe koers* 956
Smith, DJ – Thurian, M (ed) 1987. *Churches respond to B E M Vol (v): Faith and order paper 143* en *Churches respond to B E M Vol (vi): Faith and order paper 144* ........ 958
Van Eck, E – De Klerk, JC & Schnell, CW 1987. *A new look at Jesus: Literary and sociological-historical interpretations of Mark and John* ........ 961
Van Huyssteen, W – Maatman, R 1987. *Natural science and two themes in human history* ........ 970
Van Wyk, DJC – Pretorius, HL, Odendaal, AA, Robinson, PJ & Van der Merwe, G (eds) 1987. *Reflecting on mission in the African context* ........ 971
Venter, PM – Burger, CW, Müller, BA & Smit, DJ (reds) 1988. *Riglyne vir prediking oor die Genesisverhale: Woord teen die lig, 11/3* ........ 973
Venter, PM – Bosman, HL & Loader, JA (eds) 1988. *Old Testament storytellers: The literature of the Old Testament* ........ 975

# Proefskrifbespreking

**Van Wyk, IWC 1987 – Das Theodizeeproblem als Orientierungspunkt der kirchenpolitischen und theologischen Streitfragen**

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
Promotor: Prof BJ Engelbrecht

**Resensent: Prof WD Jonker**

Ons het hier te make met 'n indrukwekkende stuk teologiese arbeid waarvoor die nuwe doktor en sy promotor alle eer verdien. Dit beoog niks minder nie, as om deurtastende tipering en ontleding van die teologie van Jürgen Moltmann te bied, en daarmee terselfdertyd die hele teologiese denkrigting van die politieke teologie waarvan Moltman as een van die inisieerders en invloedrykste verteenwoordigers gesien moet word, geesteshistories te plaas en onder kritiek te stel. Die magdom literatuur wat verwerk is, die omvattende teologiese en wysgerige kennis wat die skrywer openbaar, en boonop nog die feit dat die proefskrif in Duits geskryf is, maak dit sonder meer duidelik dat ons hier 'n vlak van kundigheid en bekwaamheid voor ons het wat respek afdwing.

Die proefskrif is egter nie bedoel om 'n vertoning van geleerdheid te wees nie, maar is geskryf vanuit die eksistensiële vraag na die implikasies van hierdie soort denke vir Suid-Afrika, en hoe die Afrikaanse kerke in hulle huidige situasie van veroordeling deur die wêreldkerk hulle eie posisie teologies moet verstaan. Hierdie vrae word nie eksplisiet aan die orde gestel of beantwoord nie, behalwe dat in die slotopmerkings daarna verwys word. Hulle is egter deurgaans aanwesig in die wyse waarop die teologie van Moltmann ontleed en beoordeel word.

Die teologie van Moltmann word verstaan as 'n poging om die relevansie van kerk en teologie ná die katastrofe van die Tweede Wêreldoorlog te red deur die daarstelling van 'n omvattende teodisee. Daarvolgens moet die krisisse van die hede nie gesien word as 'n rede om God se bestuur van die wêreld te bevraagteken nie, omdat God die lydende God is wat saam met die mensheid na die toekoms op weg is

sodat krisisse verstaan moet word as nuwe geleenthede en tekens van die deurbraak van die nuwe werklikheid van die vryheid waarheen die mensheid onderweg is. Die geskiedenis van die mensheid word gesien as 'n vryheidsgeskiedenis waarin die mens self geroep word om vanuit die hoop op die beloftes van God die toekoms oop te breek vir die koms van die ryk van vryheid wat vir Moltmann saamval met die koninkryk van God. Die ryk van vryheid is die ryk van eenheid, gemeenskap en geregtigheid waarin alle spanninge en skeidinge tussen mense oorwonne sal wees en die mensheid so versoen sal wees, dat dit 'n analogie is van die innerlike vrede en gemeenskap in die trinitariese lewe van God self.

Die skrywer toon met reg aan hoe hierdie inset van Moltmann se teologie hom op 'n afstand te staan bring ten opsigte van die Reformatiese teologie. 'n Mens sou kon sê dat Moltmann se teologie eerder verwantskap vertoon met wat Van Ruler die 'doperse gees' genoem het, mits daarby onthou word dat Moltmann, in onderskeiding van die Dopers, aan die duskant van die Verligting lewe. Die heil word hoofsaaklik aards en maatskaplik (politiek) verstaan. Alle soteriologiese begrippe kry daarom 'n nuwe inhoud. Nie die skuld van die mens wat in die gerig van God deur Christus plaasvervangend gedra is nie, maar die medelyde van God met die mensheid in sy vervreemding en nood, staan op die voorgrond. Nie wat God in Christus vir ons gedoen het nie, maar wat ons in geloof en hoop doen, word sentraal. In die denke vanuit die primaat van die *praxis* dreig voordurend die gevaar van 'n moralisme en 'n revolusionêre fanatisisme wat die bodem uit die evangelie wegslaan.

Al is die skrywer soms kras in die wyse waarop hy met hom omgaan, kan in die algemeen gesê word dat hy in sy tipering van Moltmann se denke gelyk het. Analise en duiding is die sterk punt van die werk. Wat die skrywer daarteenoor stel, is nie altyd duidelik nie en daarom onbevredigend. Hy sê wel dat hy nie ingaan op die foute van die Suid-Afrikaanse samelewing nie en dat sy doel nie die verdediging van die status quo hier te lande is nie, maar slegs om die alternatiewe wat aanbeveel word, teologies te toets. Dit is egter 'n vraag of hy daarmee heeltemal kan wegkom.

Die skrywer kom telkens daarop terug dat Moltmann se soort teologie die mensheid in skuldiges en onskuldiges verdeel en dat daar dan baie eiegeregtig en hard oor die vermeende skuldiges geoordeel word. Sonde is dan altyd die sonde van die andere. Dit is in 'n groot mate waar. Die skrywer se werk sou daarom aan geloofwaardigheid gewen

het as hy minstens laat merk het dat hy 'n oog het vir die sonde en verkeerdheid in eie kerk en gemeenskap, en dat sy afwysing van die revolusionêre teologiese denke niks met selfregverdiging te make het nie. Juis in ons teologiese selfkritiek kan dit duidelik word dat ons kritiek teen die politieke teologie nie uit selfbelang nie, maar uit egte teologiese oorwegings voortkom. Die skrywer is hieroor nie duidelik genoeg nie.

Trouens, dit is ook nie altyd duidelik wat hy teenoor Moltmann se teologiese teorie stel nie. Hy neig nogal daartoe om hom op beslissende punte op die Lutherse tweerykeleer te beroep. Die Lutherane: Ebeling, Schmithals, Jüngel en Sauter word graag deur hom as gesaghebbend aangehaal. Op Lutherse wyse funksioneer die rede as die beslissende instansie in politieke en kerk-politieke sake. 'n Uitdrukking soos dat politiek die kuns van die moontlike is, verskyn dan as konsekwensie van die leer dat dit daarin om 'n suiwer wêreldlike saak gaan.

Maar is dit vir 'n gereformeerde teoloog genoeg? Calvyn weet ook wel van die twee 'regimente', maar in sy visie op die koningsheerskappy van Christus oor alle terreine van ons lewe, is sy opset tog breër en meer Bybels as dié van die Lutherane. Is dit genoegsaam in berekening gebring, selfs al moet die wyse waarop Christus se heerskappy by Moltmann funksioneer, bevraagteken word? Laat die skrywer reg geskied aan die derde gebruik van die wet? Vra geloof en gehoorsaamheid aan die wet van God nie dat kerklike en burgerlike politiek nie moet berus by die gebrokenheid van die werklikheid en by die skynbaar moontlike nie, maar daarna moet streef om nuwe moontlikhede te skep? Is dit werklik genoeg om aan die hand van die wysheid van die Prediker slegs op die relatiwiteit van alles klem te lê? Is dit nie te min om net mekaar tot gelatenheid te maan in die aangesig van die kwaad en slegs die versekering te gee dat God uiteindelik oor alles sal oordeel nie?

Die skrywer beroep hom tereg op die regverdiging van die sondaar deur God en wys daarom elke vorm van selfregverdiging deur eie goeie dade af. Daarmee tref hy waarskynlik 'n bepaalde tendens in die politieke teologie. Maar die lewensheiliging wat uit die regverdiging van sondaars voortvloei, hou tog ook in dat in selfvergetenheid kerklik en politiek volgens liefde en geregtigheid opgetree moet word. Dit is nie selfregverdiging nie, maar gehoorsaamheid.

Natuurlik sal die skrywer dit nie ontken nie, maar 'n mens sou dit graag duideliker van hom wou hoor. In sy slotopmerkinge eindig hy immer met die gedagte dat die regverdiging ons vrymaak van bekom-

mernis oor ons self, sodat ons vry kan word om ons oor die medemens te bekommer. In antwoord op Moltmann se teologie behoort juis hierdie punt deur die skrywer in 'n volgende publikasie behandel te word. Die gereformeerde teologie is op hierdie terrein nie sonder moontlikhede nie.

# Boekbespreking

**Botha, J 1988 – Versoening: In die Bybel en in die praktyk van die huidige Suid-Afrika**

Potchefstroom: PU vir CHO. Reeks F1: IRS-Studiestukke, No 242. 24 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Ds APJ Beukes**

Ter inleiding stel die skrywer dit reeds duidelik dat hy met hierdie boekie wil poog om 'n bydrae te lewer tot die konkrete beoefening van versoening. Dit is die antwoord op die 'tragiese polities-maatskaplike krisis waarin Suid-Afrika vandag verkeer'. Die kerk het wat hom betref geen ander opsie nie as om konkreet met dade van versoening besig te wees.

In sy bespreking van die begrip versoening maak die skrywer wyslik die opmerking dat dit nie moontlik is om die 'hart' van die evagelie self te definieer nie, maar dat 'n mens eerder moet sê dat 'n paar temas tot die hart van die evangelie behoort. Versoening is net soos regverdigmaking een van die temas wat tot die hart van die evangelie hoort.

Die skrywer benadruk die feit dat die begrip versoening oor die algemeen in twee kategorieë uiteenval wat meerendeels in konflik met mekaar staan. Aan die een kant is daar die opvatting dat versoening primêr 'n persoonlike en eksistensiële saak is waarin dit gaan om die verhouding tussen God en mens. Aan die ander kant is daar die beskouing dat versoening primêr 'n gemeenskaplike en universele saak is waarin dit gaan om die verhouding van groepe mense teenoor mekaar. Om die probleem rondom die konflik tussen die twee beskouinge te oorbrug maak die skrywer gebruik van reeks begrippe-pare of kontraste wat hy bespreek. Die begrippe-pare is:

- Versoening tussen God en mens – Versoening onderling tussen mense;
- Kerk – Wêreld;
- Toekoms – Hede;
- Die sondigheid van die mens – Die goedheid van die mens.

Die probleem van versoening word nou aan die hand van hierdie

kontraste beredeneer. Die skrywer maan egter teen die keuse van 'n 'goue middeweg' en stel dit dat dit eerder 'n saak is van: Nie of ... of nie, maar èn ... èn. Elkeen van hierdie begrippe-pare word dan myns insiens prinsipieel goed beredeneer om die dimensionele rondom die saak van versoening te belig.

Hy lê besonder baie klem op die strukturele faset van versoening. Dit moet reeds in hierdie wêreld in die sosiale strukture sigbaar word, anders is dit 'n leuen om te sê dat jy met God versoen is. Die skrywer kom aan die einde met 'n paar voorstelle van wat prakties gedoen kan word om versoening as simbool in die skepping van 'n nuwe Suid-Afrika 'n rol te laat speel. Die probleem is dat versoening verskillende inhoude/betekenisse vir die verskillende ideologiese groepe het. Juis daarom behoort die konkrete dade van versoening te help om die konflik rondom versoening weg te werk. In sy praktiese voorstelle lê hy klem op sulke sake soos doelbewuste skakeling met anderskleuriges by wyse van belangstelling in mekaar se lewensomstandighede, gesamentlike Bybelstudie, gesamentlike eredienste, kanselruil, betrokkenheid by Christelike versoeningsaksies en betrokkenheid by die politiek van die dag omdat die status quo in Suid-Afrika vanuit Christelike oorwegings onhoudbaar is.

Hierdie is, wat my aanbetref, 'n boekie wat met groot vrug gelees kan word. Alhoewel 'n mens sekerlik in baie opsigte van die skrywer sal kan verskil, veral ten opsigte van sy konkrete voorstelle oor versoening, bly dit 'n stimulerende stukkie werk.

Die boekie het eger ook sy tekortkominge. Daar word myns insiens nie genoeg verwys na die misbruik van die begrip versoening nie. Die kerk kan nie anders nie as om deeglik kennis te neem van die ideologiese misbruik, ook deur kerke, van die begrip versoening. Die vraag bly ook nog: Tot watter mate is dit moontlik om die konkrete versoening in die sosiale strukture te vergestalt. As 'n mens van die beginsel af uitgaan van die 'reeds' en die 'nog nie', gee 'n mens in beginsel toe dat ook die sosiale strukture net soos die enkeling gebreke sal bly toon. Hierdie saak vra ernstige besinning.

---

**De Villiers, RGR (red) 1988 – Hoe lees 'n mens die Bybel?**

Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (CB Powell-Bybelsentrum). 126 bladsye. Prys R18,90

**Resensent: Dr LC Bezuidenhout**

Hierdie publikasie is 'n produk van die CB Powell-Bybelsentrum aan die Universiteit van Suid-Afrika. Die doel van hierdie sentrum is om die studie van die Bybel te bevorder en om dit toeganklik te maak vir die gewone leser. Met hierdie publikasie word in hierdie oogmerk geslaag. Die ses artikels is die resultaat van die sentrum se eerste Bybelleesseminaar in 1985.

In die ses artikels word telkens 'n teks bestudeer met inagneming van aspekte soos vorm, genre, konteks en funksie. Die teksgedeeltes is so gekies dat die leser 'n indruk kry van die eiesoortigheid van verhalende tekste, wysheidsliteratuur, poësie, gelykenisse en vermanende tekste.

In die eerste artikel verduidelik WS Vorster aan die hand van Johannes 4 hoe belangrik die leser se rol in die interpretasie van tekste is. Tekste word deur verskillende mense verskillend geïnterpreteer. Tog word daar aangetoon hoe kodes in Johannes 4 as bakens funksioneer om die lesersaksie te rig. Daar kan subtiele aanwysings in die teks gevind word waarmee die skrywer iets by die leser wil aanwakker.

FE Deist slaag daarin om aan die moderne leser te demonstreer dat 'n gedig eiesoortige kenmerke het en dat sekere aspekte in gedagte gehou moet word by die interpretasie daarvan. Aan die hand van Psalm 46 verduidelik hy die beginsels van die Hebreeuse poësie. In die gedig word aangetoon hoe die vorm asook die kulturele agtergrond waarteen dit geskryf is, meespreek tot die betekenis. Ten slotte word gevra of die betekenis van die gedig tot sy reg kom in moderne vertalings en berymings.

JA Loader ontleed Prediker 3: 1–9 sodat die moderne leser insig kan kry in die ragfyn struktuur waarin hierdie gedeelte gegiet is. Daar word aangetoon hoe die giastiese struktuur die interpretasie van die gedeelte rig. Die strekking van die boek Prediker word geskets teen die agtergrond van die wysheidsbeskouing van die Ou-Testamentiese tyd. Die leser kom onder die indruk dat hierdie gewilde gedeelte dikwels heeltemal verkeerd geïnterpreteer word. Loader bring die strekking van hierdie gedeelte in verband met die betekenis van die koms van Christus. Prediker se boodskap het inderdaad betekenis vir die Christen in die moderne tyd.

IJ du Plessis bespreek die interpretasie van gelykenisse aan die hand van Lukas 15: 11–32. Dit is belangrik om te besef dat 'n gelykenis 'n besondere funksie het, naamlik om dialoog te bewerkstellig. In hierdie

artikel word die klem gelê op die bydrae wat kennis van sosio-kulturele aspekte tot die interpretasie van die gelykenis kan lewer.

In die vyfde artikel kom 'n verhalende gedeelte weer onder die soeklig. Die vergadering waarna Handelinge 15 verwys, word in die artikel bespreek. Hier lê PGR de Villiers veral klem op die eie karakter van die vertelling in Handelinge 15 en die funksie van die gedeelte in hierdie konteks. Daar word aangetoon dat verskille tussen Christene uit die Jodedom en Christene uit die heidendom nie skeiding tussen hierdie groepe hoef te bewerkstellig nie. 'n Kompromis van wedersydse respek en erkenning is moontlik. Dit het beslis implikasies vir die moderne gesprek rondom die eenheid van die kerk.

Ten slotte bespreek JH Roberts die 'huistafel' in Efesiërs 5: 18–33. Die plek van die gedeelte in die brief en die struktuur van die gedeelte word aangetoon. In die Efesiërbrief word die gelowige vermaan om die nuwe lewe wat daar in Christus is, ook te laat deurwerk tot die praktyk en in die besonder tot menseverhoudings. Die implikasies van die nuwe lewe vir die verhouding tussen man en vrou word hier benadruk. In die lig hiervan is opofferende selfprysgawe die uitstaande kenmerk van die verhouding tussen man en vrou. Dit bied 'n antwoord vir die moderne huwelikskrisis.

Daar kan enkele punte van kritiek ingebring word teen die tegniese afwerking van die publikasie. In 'n tyd waarin laserdrukkers vrylik beskikbaar is, is dit vreemd dat die artikels met tikmasjienskrif gedruk is. In die inhoudsopgawe is daar 'n opvallende fout: Die teksgedeeltes in die artikels van Deist en Loader is omgeruil. Daar is 'n spelfout op bladsy 60. Op bladsy 75 word gepraat van Hiëronymus Bosch. Op bladsy 76 word sy naam anders weergegee naamlik Jérôme Bosch.

Ten opsigte van die inhoud, kan 'n mens kritiek inbring teen die feit dat belangrike gegewens nie vermeld word nie. Dus kan daar nie aanspraak gemaak word op volledigheid nie. Die teksgedeeltes word telkens vanuit 'n bepaalde hoek benader. Aan die ander kant het 'n mens begrip daarvoor dat dit 'n populêre publikasie is waarin daar klem gelê word op die lesersaksie.

Die publikasie slaag daarin om in 'n gemaklike styl die leser insig te gee in die kompleksiteit van die lesersaksie. Die ou bekende teksgedeeltes wat behandel word, kry inderdaad weer nuwe betekenis.

**De Groot, CG 1988 - Aurelius Augustinus (354—430): Die rustelose waarheidsoeker**

Potchefstroom: PU vir CHO. Reeks F2: Brosjures van die Instituut vir Reformatoriese Studies, No 40. 90 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Prof CJ Botha**

As kerkhistorikus verbly ek my in die daadwerklike poging van die Instituut vir Reformatoriese Studies om figure uit die kerkgeskiedenis op so 'n bevatlike manier aan die leserspubliek bekend te stel. Dit is eintlik jammer dat hulle hulle beperk tot persone wat die Reformatoriese denke gedien het. Dit is goed dat hulle Augustinus nie verbygegaan het nie, want hy het ongetwyfeld groot invloed uitgeoefen op die denke van die hervormers - was Luther dan nie 'n monnik in die Augustynse kloosterorde nie!

Dit is duidelik dat die boek geskryf is vir die gewone lidmaat alhoewel dit beslis nie die predikante sal kwaad doen as hulle ook die boekie lees nie. Juis daarom stel dit ook bepaalde eise aan die boek. Dit moet populêr geskryf wees en maklik lees. Aan hierdie vereiste voldoen die boek beslis - amper te veel, want soms kry mens die gevoel dat dit te dramaties gestel word. Dit sal seker meehelp dat die boek gelees en geniet word. Dit slaag daarin om die leser 'n denkbeeld te gee van die Christendom van die vroeë vyfde eeu.

My kritiek teen die boek spruit juis hieruit voort. Ek wonder of die skrywer Augustinus nie bietjie verteken as hy soveel moeite doen om hom 'n plekkie in die galery van Reformatore te gee nie. Rome plaas hom beslis ook in hulle galery en het hom die eretitel gegee van *doctor gratiae* - leermeester oor die genade! En dan het hulle miskien eweveel reg om te sê dat hulle leer oor genade gebaseer is op Augustinus se teologie. Leer Augustinus dan nie dat God die mens verlos deurdat Hy sy liefde in die hart van die mens instort, en dat dit die liefde van die mens dan verander van 'n liefde vir die self tot 'n liefde vir God en die naaste nie?

Ek was teleurgesteld in De Groot se uiteensetting van die Donatistestryd, omdat dit nie die opwindende navorsing van die twintigste eeu bygewerk het nie. Hierdie navorsing het die sosio-ekonomiese en politieke faktore na vore gebring wat die hele stryd 'n ander perspektief gee en die hele twis so aktueel maak vir die huidige kerklike situasie in Suider-Afrika. Deurdat die skrywer dit nagelaat het, boet sy boekie baie

in aan aktualiteit – en helaas ook aan wetenskaplikheid. Ek sou ook ander aspekte kon noem, maar volstaan met twee wat ek hoop die argument steun.

Augustinus sou beslis nie na Kartago toe gaan om die gemeente 'ampshalwe' te 'inspekteer' nie (bl 2), om die eenvoudige rede dat dit die gemeente van 'n ander biskop was, en dit nogal die 'aartsbiskop' van Afrika, toevallig sy groot vriend, biskop Aurelius. Hy moet natuurlik dikwels vir 'sinodale' verpligtinge na Kartago gaan. Nuwe navorsing en bronnemateriaal toon dat Bonifatius 'n dubieuse rol gespeel het wat Augustinus in groot verleentheid geplaas het (bl 83).

Daar is enkele lastige drukfoute, byvoorbeeld **dood** in plaas van doop (bl 7) en **talle** in plaas van **tolle** (bl 21). Verder hinder sekere Nederlandse transkriberings ook in die lees van die boek, byvoorbeeld **Constantyn** in plaas van **Konstantyn** (bl 42). **Theodocius** in plaas van **Theodosius** (bl 44) en **Carthago** in plaas van **Kartago** (bl 69 en andere).

Ten spyte van bogenoemde kritiek is ek tog bly oor die verskyning van die boekie en wil ek dit van harte aanbeveel by alle lesers wat graag geskiedenis lees of wat hulle kerk liefhet en daarom meer van sy geskiedenis wil weet.

---

**Killinger, J 1985 – Fundamentals of Preaching**

Philadelphia. Fortress. 214 bladsye. Prys 23,85. Verkrygbaar by Lux Verbi, Kaapstad.

**Resensent: Prof TFJ Dreyer**

Die skrywer was voorheen hoogleraar aan die 'Vanderbilt Divinity School' en is tans predikant van die Presbiteriaanse kerk te Lynchburg, Viginia. Na vyftien jaar se doseerondervinding het hy weer teruggekeer na die gemeente. 'It means that the book will be a book about preaching by a professor of preaching, who is supposed to know all there is to know about such things, revised by a parish minister, who knows what it is really like to be on the firing line every Sunday' (bl 2).

In die eerste drie hoofstukke, word enkele opmerkings gemaak wat 'n mens as 'n teologie van die prediking kan beskryf, waarin bepaalde prinsipiële vertrekpunte vir die prediking gestel word. Sake soos die tradisie van die prediking, die belangrikheid van die Bybel en die gesag

van die prediking, kom aan die orde. Alhoewel hierdie genoemde sake nie indringend begrond en beredeneer word nie, slaag die outeur tog daarin om 'n aantal ou waarhede weer in 'n nuwe perspektief te stel. Sy vertrekpunt is dat die prediking nie 'n blote individuele onderneming is nie, maar dat dit die somtotaal is van baie faktore wat dit beïnvloed, naamlik die gemeenskap van gelowiges; die Bybel wat vir die gemeenskap in die sentrum staan; die tradisie van die prediking; die gawes, moontlikhede en kreatiwiteit van die prediker. Hy beklemtoon die feit dat die prediking altyd gerig moet wees op die stigting en opbou van die gemeente. Hy stel dit selfs so radikaal dat hy dit in verband bring met Paulus se opmerkings in 1 Korintiërs 12–14 na aanleiding van die spreek in tale. As die prediking nie vir die gemeente verstaanbaar is en nie tot hulle opbou dien nie, verdien dit geen plek in die Christelike erediens nie. Die regte hantering van die Bybel word beklemtoon en hy wys enige vorm van Biblisisme af. Die moderne hermeneutiese vraag rondom die verstaan en vertolking van die boodskap van die Bybel kom nêrens ter sprake nie. Dit skemer tog deur dat hy die probleem aanvoel, as hy stel dat die blote aanhaling van die Bybel nog geen waarborg is vir Bybelse prediking nie. Om hierdie boodskap van die Bybel werklik in die prediking tot spreke te bring, beklemtoon hy die belangrikheid van wat ons sou kon noem 'meditasie'. Die gelowige worsteling met – en nadenke oor die teks en die deurdenking daarvan in die konteks van die gemeente is vir hom 'n noodsaaklike vereiste vir die prediking. Die gevaar in sy benaderingswyse is egter dat hierdie 'meditasie' 'n gebeure word wat onafhanklik van die preekteks plaasvind, en daarom sonder 'n verantwoorde norm geskied.

Hierdie probleem kom ook na die oppervlakte, as hy die keuse van 'n teks vir die prediking bespreek. Die moontlike riglyne vir die keuse van teksgedeeltes, is volgens hom o a die kerklike jaar, feesgeleenthede boek-, of reeksprediking en tema-prediking wat gebore word uit idees wat ontstaan deur die predikant se 'meditasie'. Vir beginners beveel hy aan dat liefs van boek-, of reeksprediking gebruikgemaak moet word, omdat hulle nog nie die ervaring en rypheid het om oor 'n aantal 'gemediteerde temas' te beskik nie. In sy verdere uitwerking van 'What to preach', werk hy slegs met metodes en tegnieke om temas vir die prediking te versamel, terwyl die sogenaamde 'expository' prediking nie volledig behandel word nie. Uit voorbeelde wat hy gebruik, blyk dit dat die metode van die vind van 'n tema waarmee daar dan na 'n 'geskikte' teks beweeg word, hom dikwels verlei om die teks bloot as 'n kapstok vir sy tema te gebruik. Hy sê dan ook eksplisiet dat die tema of

idee vir die preek uiteindelik moet uitloop op 'n preekdoel en dat hierdie preekdoel nie noodwendig hoef ooreen te stem met die teologiese bedoeling van die Skrifgedeelte nie (bl 49).

In die res van die publikasie behandel hy die riglyne vir die vorm en konstruksie, asook die inleiding, slot, styl en oordrag van die preek. Die inligting wat hy hier verstrek, kan van groot waarde wees vir die prediker, omdat dit weer die belangrikheid van die regte aanbieding van die prediking onderstreep. Met die deurlees van die boek kry 'n mens die aanvoeling dat dit geskryf is binne die Amerikaanse konteks waar die aksent meer val op die praktyk van prediking, as op die korrekte eksegetiese benadering wat gevolg word. Binne die Suid-Afrikaanse konteks en meer spesifiek binne die Afrikaanse susterkerke, ervaar 'n mens dit tog as 'n leemte dat die publikasie nie meer erns maak met die teks as uitgangspunt vir die prediking nie. Aan die ander kant wys dit weer in ons eie konteks die leemte uit dat daar dalk soveel klem gelê word op die regte uitleg van die teks, dat die vorm en aanbieding van die preek verwaarloos word.

Die algehele indruk van die boek is dat die outeur iemand is vir wie die prediking erns is; dat hy in sy konteks daarin slaag om op verantwoorde wyse veral die praktyk van die prediking op so 'n wyse aan te bied dat dit ook vir die beginner verteerbaar is.

---

**Pieterse, HJC 1987 – Communicative Preaching**

Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 214 bladsye. Prys R32,00

**Resensent: Prof TFJ Dreyer**

Op Suid-Afrikaanse bodem het prof Hennie Pieterse bekendheid verwerf met sy publikasies op die terrein van die Homiletiek. Veral die twee publikasies, getitel *Skrifverstaan en prediking* en *Verwoording en prediking*, het by die meeste teologiese fakulteite in Suid-Afrika die status van standaard voorgeskrewe werke. Genoemde twee werke uit sy pen, is die eerste twee van 'n beoogde trilogie oor die prediking. Met sy navorsing het hy daarin geslaag om op wetenskaplik-verantwoorde wyse die nuwe insigte op die terreine van die eksegese, kommunikasiekunde en die teologie, ten dienste van die prediking te verwerk.

*Communicative Preaching* is 'n Engelse weergawe van *Verwoording en*

*prediking* met die oog op konsumpsie deur die Engelstalige teoloë in Suid-Afrika en in die buiteland. Die publikasie word in vier hoofstukke verdeel. Hoofstuk een is getitel 'Theory of preaching'. Sy wetenskapsteoretiese vertrekpunt is dat hy dit aanbied as 'n prakties-teologiese studie. Hierdie vertrekpunt roep dadelik die vraag na die teorie/*praxis* verhouding na vore. Hy poneer dat in sy teorievorming daar twee oriëntasiepunte is, naamlik die heersende teologiese oorlewering en empiriese analises. Hierdie twee pole verkeer in 'n dialektiese spanning en voortdurende wisselwerking. Sy benadering laat die moontlikheid oop dat binne hierdie interpolêre spanning en interaksie, die teologie opgelos kan word in 'n los fluïdium, waarin teologiese *principia* deur empiriese analises gemanupileer kan word. Hy stel dan ook uitdruklik:

> We must reject any precedence or theory over *praxis* and any precedence of *praxis* over theory. Theory and *praxis* are bound together in a critical relationship and can evaluate, confirm or disprove one another (bl 4).

Dit is opmerklik dat hy in die Afrikaanse weergawe van *Verwoording en prediking* (bl 3), die gevaar van so 'n uitgangspunt aanvoel en dit duidelik stel dat daar tog 'n kwalitatiewe verskil tussen die twee pole is:

> Die Skrif is openbaringsnorm en die praktyk van die gemeente 'n kennisbron vir die verfyning van die praktyk (bl 3).

Hierdie voorbehoud en kwalitatiewe onderskeid tussen die twee pole, word in die Engelse weergawe weggelaat. Dit wil lyk na 'n doelbewuste weglating om 'n groter beweegruimte te verkry. Dit is myns insiens jammer, omdat dit juis die weg baan dat in hierdie kritiese wisselwerking, die *praxis* uiteindelik die deurslag kan gee ten koste van konstituerende teologiese *principia*.

Pieterse self is 'n geslypte Reformatoriese teoloog, soos blyk uit sy uiteensetting van die teologiese onderbou van die teorie van die prediking. Daarom is hy bedrewe genoeg om bogenoemde gevaar te vermy. Vir diegene wat egter nie oor die fyn aanvoeling en teologiese vaardigheid beskik nie, kan sy ongekwalifiseerde teorievorming gevare inhou.

In hoofstuk twee bespreek hy'Modes of preaching in practice'. Deur middel van 'n empiriese ondersoek van preke in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, maak hy 'n wetenskaplik-verantwoorde analise van die stand van die prediking. Die ondersoek bevestig sy aanvanklike

hipotese vanuit die hermeneutiek dat die prediking basies drie moontlike aksente kan vertolk, naamlik: 'n ooraksentuering van die eie situasie en konteks van die gemeente, met die gevolg dat die woord nie tot sy volle reg kom nie (17%); 'n ooraksentuering van die woord, met 'n gevolglike verwaarlosing van die konteks van die gemeente (31,4%); aktuele prediking wat daarin slaag om op 'n hermeneutiese wyse die preekteks en die eie konteks bymekaar te bring (39%). Uit die resultate van die ondersoek toon hy ook aan wat die spesifieke kenmerke en leemtes van elk van genoemde preekstyle is. Hy konkludeer dat preekvorme verwaarloos word omdat feitlik deurgaans eensydig van 'n tekstematiese preekvorm gebruik gemaak word. Hierdie hoofstuk is besonder insiggewend vir diegene wat belangstel in die ontleding van kontemporêre preekstyle.

Die volgende hoofstuk word gewy aan die ontleding van kommunikatiewe gegewens wat vir die prediking van belang is. Die implikasies vir die prediking word telkens uitgewys en toegepas. Daar word ook stapsgewys aangetoon hoe daar vanuit hierdie benaderingswyse deur die verskillende fases van preekvoorbereiding en -aanbieding beweeg moet word.

Die boek word afgesluit met 'n slothoofstuk oor 'Sermon forms'. Vier moontlike preekvorme word ontleed en die eie kommunikasie-aard van elke preekvorm word aangedui. Hy identifiseer bo en behalwe die tekstematiese preekvorm ook die homilie, die verhalende en poëtiese preekvorme. Die insigte waartoe hy die leser bring is prikkelend en vernuwend. Dit blyk egter uit die voorbeelde ter illustrasie dat 'n preek nie slegs uit een bepaalde preekvorm bestaan nie, maar dat naas die bepaalde kommunikasie-strategie wat as basiese preekvorm gekies word, daar in een preek 'n vermenging van preekvorme plaasvind. Dit lyk myns insiens na 'n leemte dat die vermenging van preekvorme binne een preek nie meer eksplisiet aan die orde kom nie. Dit wil voorkom of die tekstematiese preekvorm in alle gevalle as basiese vorm en struktuur van die preek geld, en dat daar binne hierdie struktuur afwisselend in mengvorm van ander preekmoontlikhede gebruikgemaak word.

Die vernuwende uitdaging wat hierdeur aan die prediking gestel word, vra egter ook na die legitieme wyse om die boodskap van die teks, wat in 'n bepaalde vorm gegiet is, oor te tolk in 'n ander vorm wat vreemd is aan die teks self. Hierdie metode van oortolking vra nog om meerdere besinning.

Die publikasie is netjies versorg en die inhoud word op 'n akademies

hoogstaande wyse aangebied. Die verdienste word verder verhoog deur volledige verwysings en 'n uitgebreide literatuurlys. Hierdie werk is 'n moet vir elke teoloog wat hom wil vergewis van die nuutste navorsing op die terrein van die prediking.

---

**Van Staden, SM 1988 – My groei en ontwikkeling as mens**

Pretoria: Kital. 116 bladsye. Prys R19,50 (avb uitgesluit)

**Resensent; Prof TFJ Dreyer**

Daar is 'n hele paar van die temas wat in hierdie publikasie aangesny word, wat nou verwant is, of ten diepste gewortel is in die teologie, byvoorbeeld die huwelik, vergewing, liefde, seksuele verhoudings, ensovoorts. Alhoewel daar sporadies verwys word na bepaalde teksgedeeltes, ontbreek daar egter 'n Bybels-teologiese begronding van genoemde en ander temas. Daarom moet daar nie verwag word dat die boek bydra tot die teologiese debat met betrekking tot onder andere bogenoemde temas nie. Dit is ook baie duidelik dat dit nie die bedoeling van die skrywer is om op die terrein van die teologie te beweeg nie.

As die teologiese perspektief dus buite rekening gelaat word, moet die werk gewoon beoordeel word vanuit wetenskaplike oogpunt. Ook in dié opsig word objektiewe beoordeling bemoeilik deur die feit dat die skrywer in die teks gewoon verwys na enkele bronne, sonder dat daar met die bronne in diskussie getree word of die spesifieke standpunt van die bronverwysing beredeneer word. Dit is baie moeilik om te bepaal wanneer die skrywer of die bron aan die woord is. 'n Bronnelys van sestien bronne word wel aan die einde gereflekteer, maar omdat bronverwysing in die teks sporadies voorkom, skep dit die indruk van 'n konglomeraat van standpunte wat sonder 'n bepaalde sisteem of rasionaal saamgevoeg is.

Dit wil my voorkom of die publikasie geresenseer moet word vanuit 'n populêr-wetenskaplike hoek. Die outeur stel dan ook in die voorwoord dat dit 'n program is wat benut kan word deur jeugorganiseerders, opleidings-personeel, onderwysers, maatskaplike werkers en predikante. Die uitdruklike voorwaarde van die program is dat dit nie sinvol is indien dit slegs deurgewerk, of deurgelees word nie, omdat dit

bedoel is om binne groepopset onder leiding van iemand anders plaas te vind.

Die grootste deel van die boek bestaan uit vraelyste en opdragte wat binne groepsverband moet plaasvind. Groepdinamiek speel dus 'n groot rol in die program. Die effektiwiteit van die program sal uit die aard van die saak nie apart van die funksionering in die groep beoordeel kan word nie. Sommige van die vraelyste en opdragte kan 'n mens herken en herlei na bekende en aanvaarde groepsterapeutiese metodes. Hierdie metodes en tegnieke het egter die potensiaal om enkelinge binne die groep geweldig te ontbloot. Die groepleier sal dus oor die kennis en vermoë moet beskik om sulke situasies te hanteer. Dit is juis in dié opsig waar die groot probleem lê. Indien die program hanteer word deur 'n persoon wat nie genoegsaam onderlê is nie, kan dit ontaard. Groepleiers sal dus eers vooraf deeglik geskool moet word – dit behoort in die voorwoord as 'n duidelike voorwaarde gestel te word. In die publikasie self ontbreek die nodige agtergrondkennis om aan die leier die inligting te verskaf hoe hy die situasie moet hanteer en watter kennisinsette hy moet lewer.

Die publikasie verskaf dus wel bruikbare materiaal, maar dit kan nie sonder genoemde reserwes geïmplementeer word nie.

---

**Mbali, Z 1987 – The churches and racism: A black South African perspective.**

London: SCM. 228 bladsye. R35,50 (avb uitgesluit)

**Resensent: Prof E Engelbrecht**

Mbali is 'n Anglikaanse priester wat deur bemiddeling van die 'Theological Education Fund' van die Wêreldraad van Kerke studeer het. Hy behaal in 1971 'n BA-graad in die teologie aan The Queens College (Oxford). Gedurende 1973/4 doseer hy aan St Paul's Theological College (Grahamstown). Hy emigreer in 1974 na Botswana. In 1981 word hy na die gemeente in Durham genooi en later die jaar word hy 'Vicar of Preston on Trees'. Hierdie laaste verskuiwings was veral met die oog op teologiese navorsing. In 1983 ontvang hy 'n beurs om aan Selly Oak Colleges navorsing te doen. Hierdie navorsing loop uit op die publikasie van die werk hierbo genoem.

Mbali is veral geïnteresserd in transkulturele-interaksie. Hy wil veral aan Blankes in Engeland toon hoe hulle argumente vir Swartes klink. Hierdie boek skakel baie goed in by 'n verskerpte veldtog in Suid-Afrika om die Wittes se teologie onder druk te plaas.

Die boek moet as Swart Teologie gelees word en is kontekstueel in die sin van die Rewolusie Teologie. Teologie het in hierdie publikasie volledig praksis geword en die hoofoogmerk van die boek is om die huidige Suid-Afrikaanse bestel as onwettig en on-Bybels uit te wys en daadwerklike ondersteuning te gee aan alle instansies wat werk vir die beëindiging van die bestel.

Alhoewel die gegewens in die boek baie selektief en eensydig aangebied word, beïndruk die omvattende navorsing die leser. Die boek is eintlik 'n geskiedenis van die Program to Combat Racism van die Wêreldraad van Kerke en as sodanig waardevol. Teologies verskuif die boek glad nie die bakens van die huidige stryd nie. Die geykte patroon van die Rewolusie Teologie word slegs herhaal. Teologie spruit uit die sosiale konteks voort en die onderdrukte is die enigste subjek wat eintlik teologie kan beoefen.

Die swak punt van hierdie teologie is sy hermeneutiek wat sterk Marxisties bepaald is. Omdat daar geen ruimte is vir òf die teenstander se horison in die uitleg van die Bybel òf die interpretasie van die konteks nie, is daar ook min moontlikheid om deur die teenstander 'bekeer' te word. Al wat daar eintlik vir die teenstander oorbly, is om tot sy eie ondergang toe te stem.

---

**Smuts, JC 1987 – Holism and evolution**

Cape Town: N & S Press. 361 bladsye. Prys R24,95 (avb uitgesluit)

**Resensent: Dr JP Labuschagne**

Met sy boek *Holism and evolution* waarvan die eerste uitgawe reeds in 1926 verskyn het, en die tweede nou in 1987, wil gen JC Smuts ''n inleidende skets' aanbied oor 'n onderwerp wat hy as van kardinale belang ag. En hy spreek die hoop uit om in die jare wat op 1926 volg, in 'n opvolgwerk aan te toon hoe hierdie onderwerp 'die hoër geestelike belange van die mensdom' raak (voorwoord bl vi). Die feit dat hierdie werk van Smuts nou weer verskyn, wil beslis sê dat daar mense is wat

opnuut oortuig is van die waarde van Smuts se idealisme, 'n idealisme waarin die begrip **holisme** 'n sentrale plek inneem.

Vir Smuts was daar in 1926 'fundamentele gapings' (bl 1) in ons kennis wat tot op daardie stadium nog nie oorbrug was nie. Hierdie leemte is veroorsaak deur 'n analitiese ingesteldheid wat te veel klem lê op 'n afsonderlikheid ten opsigte van die drie groot realiteite: materie, lewe en gees. Die laaste woord hieroor is vir hom nog ver van gesê. Die rede hiervoor is dat dié drie verskynsels (materie, lewe en gees) in die ervaring en in die mens uitdruklik vermeng raak. Anders as die analitiese denke se siening van die meganiese en afsonderlike aksies van die dele wat uiteindelik resulteer in die geheel, wil Smuts **sinteties** dink. Die eenheid is vir hom belangriker as die afsonderlike dele. In sy holistiese siening verdwyn die afsonderlike aksies van die onderdele in elk geval uiteindelik in 'n ware sintese, of eenheid, wat die komponente onherkenbaar maak in die verenigde aksie of resultaat (bl 118v en 341). Vir hom blyk die sintese of eenheid dus slegs op grond van die geheel, en beslis nie op grond van die onderdele nie (bl 284). Vir hom is die heelal vervolgens 'n eenheid van aaneenskakelende gehele, 'n evolusie van holistiese strukture. Smuts wil die afsonderlike gehele ook nooit behandel in onafhanklikheid van ander gehele, en die groter geheel nie (bl 261v). Vir hom is die heelal 'n 'holistiese heelal' (bl 321). **'Holisme' is vir hom 'n allesverklarende en fundamentele konsep wat werksaam is in die evolusie van materie, lewe en gees; en wat struktuur aan alles verleen.** Smuts wil so 'n **sisteem** bou waarby alles moet inpas en waaruit alles verklaar moet word – dit is sy *Holism and evolution*. Selfs sê Smuts (vert deur Labuschagne):

> Holisme is materie en energie op een stadium; dit is organisme en lewe op 'n ander stadium; en dit is gees en persoonlikheid in sy laaste stadium ... Al die probleme van die heelal, nie alleen dié van materie en lewe nie, maar ook en veral dié van die gees en die persoonlikheid wat die menslike natuur en bestemming bepaal, kan in die laaste instansie alleen tot oplossing gebring word – vir sover dit menslik oplosbaar is – met inagneming van die fundamentele konsep van holisme. Om hierdie rede het ek na ons universum verwys as 'n **holistiese universum,** omdat holisme ten grondslag lê van sy samestelling, sy tallose vorme en sy prosesse, sy geskiedenis en sy verlede, en sy belofte en moontlikhede vir die toekoms (bl 320, 321).
>
> ... holisme is oral en alles in alles (bl 335).

> In die laaste instansie is daar sodoende agter ons strewe vir 'n beter wêreld die volle gewig en momentum en die diepste natuur en gang van die universum (bl 343). [En daarmee bedoel hy inderdaad 'holisme' as die 'hoogste sintetiese, ordeskeppende, organiserende, regulatiewe aktiwiteit in die universum' (bl 317).]

Uiteindelik bepaal die konsep van holisme ons hele **wêreldbeskouing** (bl 319v). Maar hieroor sê Smuts prakties baie naby aan niks. Op die tweede bladsy sê Smuts (bl 344):

> Oral het ek die mens gesien in sy soeke na en stryd om die goeie in onverbiddelike vasberadenheid en erns, en, toegewy aan hierdie doel, het hulle bygedra tot die pynlikheid van die stryd van broer teen broer. Tog is ons nog baie ver van die doel waarna holisme wys. Die Groot Oorlog ... is bewys genoeg vir ons dag en geslag dat ons nog ver van die bereiking van die ideaal van 'n ware holistiese wêreld is. Oral het ek wel ook gemerk dat dit in die kern 'n stryd om die goeie was ... ter wille van 'n beter en veiliger lewe vir hulle en hulle medemens. In hierdie opsig is die Volkere Bond, die belangrikste gevolg van die Groot Oorlog, wel die uitdrukking van die diepgevoelde strewe na 'n meer stabiele holistiese samelewing vir die mens ...

**Samevattend kan ons nou sê:** Smuts wil 'n allesomvattende sisteem bou. Die probleem is egter dat ná Hegel (1770–1931) die filosofiese wêreld reeds uitdruklik bewys het dat daar nie meer plek is vir 'n allesomvattende sisteem in die wetenskapsleer nie. **Die sisteemdenke is uitgedien;** die werklike wêreld is veels te ingewikkeld om volledig ingepas te word in 'n spekulatiewe allesomvattende sisteem! Alleen in die wêreld van die ideologieë kan hierdie werk gevolglik nog teregkom. Vir die wetenskaplike denke berus alles in Smuts se ideologie oor die evolusie van holistiese strukture teveel op metafisiese **spekulasies** wat nie uit die werklikheid bewys kan word nie. Dit mag wel wees dat die ideologie van die liberalisme – met sy idee van één ondeelbare mensheid wat slegs uit individue, en niks anders nie, opgebou is – groot belangstelling en verering vir Smuts se holistiese ideaal sal hê, maar dan is dit 'n keuse wat verband hou met hulle voorkeure. Daar kan dus nie aanspraak gemaak word op algemeen geldigheid nie – dit sou neerkom op blatante imperialisme. Ander mense, met 'n ander waar-

debelewing en ideologiese keuse, mag weer voorkeur verleen aan heel ander ideale.

---

**Douma, J 1987 – Mediese Etiek**

Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk no 236. 10 bladsye. Prys R1,00

**Resensent: Dr RM Naudé**

Hierdie publikasie van die Instituut vir Reformatoriese Studie is 'n lesing wat deur prof Douma, hoogleraar in Etiek aan die Teologische Hogeschool te Kampen, gelewer is by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 'n Lesing het sy beperkinge en daarom kan nie verwag word dat die volle spektrum van die medies-etiese vrae aan die orde gestel word nie. 'n Ander leemte is dat in 'n lesing terme sonder omskrywing gebruik word omdat dit as bekend geag word by die hoorders. As die lesing egter gepubliseer word, behoort begrippe omskryf te word ter wille van die nuwe teikengehoor. Die begrip: Neo-Malthusianisme (bl 3) kon met vrug omskryf word as 'n oorbeklemtoning van rekreatiewe seksualiteit met maksimum genot en minimum las as 'n leuse vir die vrye gebruik van voorbehoedmiddels.

Prof Douma het vanuit die hoek van sekularisasie en voortskrydende tegniek die probleme rondom die begin en einde van die menslike lewe bespreek. Die probleme rondom die begin van lewe word in verband gebring met die gebruik van voorbehoedmiddels. Alhoewel dit positief beoordeel word, word dit ook as onwenslik geag in die lig van kerke wat besig is om leeg op loop. Die vraag is of die probleem van leë kerke opgelos moet word deur 'n groter kindertal of deur die evangelisering van mense? As die eerste uitweg gekies word, skep dit die probleem van oorbevolking sonder dat die eintlike probleem noodwendig opgelos word. Die denke van Douma skep die indruk dat sekularisasie as uitgangspunt nugtere denke oorheers. Die tweede aspek wat aangedui word, is die veroorsaking van swangerskap deur *in vitro* bevrugting. Kunsmatige inseminasie (met skenkersaad) word as 'n skending van die huwelik beoordeel. Maar tog word gesê dat 'n huwelik gekenmerk deur liefde en trou, nie eensklaps verander in 'n laboratoriumhuwelik as kinders op 'n tegniese wyse verkry word nie. Op grond hiervan kan

gevra word of die huwelik geskend word as 'n ouerpaar in liefde toestem tot kunsmatige inseminasie met skenkersaad?

Rondom die einde van die menslike lewe kom aborsie en genadedood ter sprake. Douma se denke hieroor is nuttig. Met betrekking tot aborsie en die slagspreuk, 'Baas in eie buik', stel hy die 'ons'-denke in die plek van die 'ek'-denke. Met betrekking tot genadedood stel hy die belangrike reël: 'n Mens kan mediese behandeling beëindig sonder dat die lewe beëindig word. Dit is verblydend dat Douma wegbeweeg van die tradisionele absolute eerbied vir die lewe en die verskil erken tussen die verlenging en uitrek van lewe.

Die studiestuk is handig om 'n beknopte oorsig te verkry oor die problematiek van die Mediese Etiek.

---

**Van Wyk, JH & Van der Walt, AJ 1988 – Kunsmatie voortplanting vanuit etiese en juridiese hoek bekyk**

Potchefstroom: PU vir CHO. Reeks F1: IRS-studiestukke No 244. 29 Bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Dr RM Naudé**

Die publikasie is 'n samevoeging van twee reeds gepubliseerde artikels in twee verskillende tydskrifte. Die bedoeling hiermee is om die inhoud van die artikels aan 'n wyer leserskring beskikbaar te stel vanweë die aktualiteit van die onderwerp. Die werkwyse het ongelukkig die gevolg dat oorvleueling onvermydelik is en dat weersprekings kan voorkom. 'n Voorbeeld hiervan is dat prof Van Wyk kunsmatige inseminasie met skenkersaad voorlopig as geoorloof in uitsonderlike gevalle beoordeel terwyl prof Van der Walt dit as godsdienstig, eties en sosiaal onaanvaarbaar beskryf. Die verskil kan verwarrend wees vir die lesers.

Prof van Wyk se artikel oor die voortplantingstegniek en -etiek is wetenskaplik en goed gedokumenteerd. Die stof is sistematies aangebied sodat die leser 'n oorsig verkry oor die argumente ten gunste van en teen kunsmatige inseminasie met skenkersaad en kunsmatige inseminasie met eggenootsaad. Dit is verblydend dat die skrikwekkende gevolge van kunsmatige inseminasie met skenkersaad, soos die teling van supermense, oënskynlik nie die beoordeling beïnvloed het nie.

Tog moet gesê word dat die beoordeling negatief is in dié sin dat kunsmatige inseminasie met skenkersaad met al sy gevare implisiet veroordeel word en dat uitsonderlike gevalle as geoorloof beskou kan word. Dit is waar dat etiek nie sonder die kategorie van uitsondering kan klaarkom nie. 'n Ander benadering is egter ook moontlik. Kunsmatige inseminasie met skenkersaad kan positief waardeer word vanuit die nood van die kinderlose ouers. Die resultaat sou dan wees om kunsmatige inseminasie met skenkersaad positief te beoordeel en die gevare wat dit inhou, te veroordeel. Die standpunte van Thielicke, naamlik dat die beoordeling sy vertrekpunt moet hê by die persoon en sy verhoudinge sowel as dié van Ott, naamlik dat algemene norme toegepas op die besondere situasie kan lei tot kasuïstiek, kan met vrug in gedagte gehou word. Prof van der Walt gee in sy artikel aandag aan die regsaspek van kunsmatige inseminasie. Hy gaan uit van die standpunt dat die reg hoofsaaklik om ampsgeborgenheid draai. Dit dui op die ruimte waarbinne mense in samelewingsverband hulle amp of roeping kan uitleef wat deur die reg beskerm word. Vanuit hierdie beskouing word die Wet op Menslike Weefsel 65 van 1983 beoordeel. Daar word beswaar aangeteken teen die wet omdat dit onnodig in die weg van godsdienstige, etiese en sosiale sensuur staan. Die wet het sekerlik die taak om dit wat die tegniek moontlik maak, te orden sodat wanpraktyke beperk kan word. Dit is egter 'n vraag of die wetgewer doelbewus moraal moet skep met wetgewing en of dit nie primêr die taak van die kerk is nie. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die etiese besinning sodat Christene toegerus sal wees om beslissings te kan maak.

Hierdie publikasie bevat nuttige materiaal wat kan dien as 'n basis vir 'n verdere besinning.

---

**Van der Walt, PGL 1987 – Die Christen en dans: 'n Nuwe koers**

Potchefstroom: PU vir CHO. Reeks F1: IRS-studiestukke No 240. 27 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Dr RM Naudé**

Met hierdie publikasie bespreek die skrywer 'n onderwerp wat deel vorm van die problematiek waarmee spesifiek die Gereformeerde etiek

worstel. As gelet word op die belangrikste etiese werke wat gelewer is, dan ontbreek dans as 'n onderwerp wat bespreek word. Binne die Gereformeerde etiek word die diskussie oor dans gevoer ten einde vernuwing te bring ten opsigte van die tradisionele afwysing van dans as sonde.

Die publikasie van ds Van der Walt poog om 'n nuwe koers in te slaan. Die standpunte wat gestel word, is dat nie ongekwalifiseerd gesê kan word dat dans sonde is nie en dat die noue band tussen dans en seksualiteit bevraagteken word. Die uitgangspunt van die beoordeling is die onderskeiding van die verskillende dansvorme. As 'n voorwaarde vir die korrekte etiese beoordeling moet dus nie dans as sodanig nie, maar eerder solodans, paardans en groepdans beoordeel word. Dit is 'n etiese prinsiep wat geld vir alle verskynsels wat beoordeel word, naamlik dat die saak self deeglik ontleed moet word. Die gevolgtrekking waartoe die skrywer raak, is die ontdekking dat dans verskillende funksiemodelle het soos die estetiese, opvoedkundige, sosiale, kulturele, religieuse, kommunikatiewe, terapeutiese en ook seksstimulante funksies. Die doel van dié onderskeidings is nie om 'n asketies-kasuïstiese gees te skep van raak nie, roer nie en smaak nie, maar om die God-onterende aan te dui en die God-vererende voor te staan (bl 20). Alhoewel 'n asketies-kasuïstiese gees vermy word, word kasuïstiek tog gevind in die riglyne wat gegee word: Christene word gevra om onder andere bedag te wees op die **tipe** danspassies en dansstyle (bl 23). Dien dit werklik enige doel om só fyn genuanseerd voorskriftelik te wees?

Die algehele indruk van die diskussie wat oor dans gevoer word, is dat die beredenering nie werklik 'n nuwe koers is nie. Die tradisionele 'dans is sonde' word vervang met 'sommige dans is sonde'. Die probleem met die diskussie is dat sonde in die saak self gevind word. Sedert die Reformasie is die klem al geplaas op die mens wat sondaar is. Die klem moet dus eerder verskuif van 'dans as sonde' na die sondige mens wat ook dans. Dans en seksualiteit moet nie verbind word nie, maar eerder die mens en seksualiteit. Enige dansgeleentheid kan aanleiding gee tot sonde, selfs ook volkspele wat ontsondig word as 'Gereformeerde dans'! Die onderskeidings wat met betrekking tot dansvorme en funksies gemaak word, kan in die lig van die mens as sondaar goeie hulp aan Christene verleen om op 'n verantwoodelike wyse onderskeidingsvermoë aan die dag te lê (Gal 5!). Dit is verblydend dat binne die Gereformeerde kringe herbesin word oor dans. Dit is

jammer dat die teologiese begronding klaarblyklik in hierdie publikasie agterweë gebly het.

---

**1. Thurian, M (ed) 1987 – Churches respond to B E M, Vol V. (Faith and order paper 143.)**

Prys onbekend. 190 bladsye. Geneva: WCC.

**2. Thurian, M (ed) 1987 – Churches respond to B E M, Vol VI. (Faith and order paper 144.)**

Prys onbekend. 141 bladsye. Geneva: WCC.

**Resensent: Dr DJ Smith**

In twee vorige uitgawes van die *Hervormde Teologiese Studies*, naamlik Jaargang 43, Aflewering 3, September 1987 en Jaargang 44, Aflewering 1, Maart 1988, is reeds twee volumes in hierdie reeks bespreek. Vir volledige agtergrond oor die B E M-dokument word verwys na hierdie resensies. Hierdie resensies word gedoen by wyse van 'n vergelyking oor hoe die ekumeniese ideaal hanteer word in twee kerke met verskillende agtergronde wat op die B E M-dokument gereageer het. Daar word in bogenoemde responsie-publikasies spesifiek verwys na hulle reaksie op die B E M-dokument se stellings oor die Nagmaal. In volume V word die reaksie van die Evangeliese Kerk in Baden gevind en in Volume VI die reaksie van die Rooms-Katolieke Kerk.

Die Evangeliese Kerk in Baden het in die vorige eeu tot stand gekom uit 'n vereniging van die Gereformeerde en Lutheraanse Kerke in Baden. Dit is dus 'n kerk wat met die vraag rondom kerkeenheid geworstel het. Uit dié kerk se benadering tot die B E M-dokument is dit duidelik dat sy Protestantse erfenis 'n beduidende rol speel. Hierdie Protestantse erfenis kom daarin na vore dat die Badense kerk eers duidelik sy belydenisagtergrond stel en dan op grond daarvan punte van ooreenstemming met die B E M-dokument aanstip. Daarna word op sake ten opsigte van die Nagmaal gewys wat hulle moontlik as leersaam kan vind. Uiteindelik word die voorbehoude en vrae wat die dokument

by die Badense kerk na vore roep, gestel. Dié kerk is van mening dat dit nie inpas by hulle opvatting nie.

Die Evangeliese Kerk in Baden volg in sy reaksie die volgende werkwyse: Eers word 'n inleiding gegee waarin standpunte in die Badense kerk se belydenisskrifte en sinodebesluite aangestip word wat na hulle mening belangrik vir die ekumeniese gesprek oor die Nagmaal is. Daarna word aangedui watter beklemtoninge in die B E M-dokument as belangrik beskou word. Dit is dan die volgende: By die Nagmaal is Jesus die 'Gewer' sowel as die 'Gawe'; die instellingswoorde van die Nagmaal is die hart van die diens en ook die middel waardeur die belydenis wat by die Nagmaal gemaak word, in herinnering geroep word; die Nagmaal is 'n teken en uitdaging om versoening en vrede in die wêreld te soek. Die volgende belangrike stap in hulle antwoord op die dokument is om die gemeenskaplike gronde aan te dui waaroor hulle ooreenstemming betuig. Dit is dan die volgende: Die uniekheid van Christus se offer; die werklike teenwoordigheid van Christus as middelpunt van die Nagmaal; die viering van die Nagmaal as vervulling van die gemeenskap met Christus en al die gelowiges.

In lyn met hulle Reformatoriese erfenis is daar by die Evangeliese Kerk in Baden ook die bereidheid om te hervorm na die eise van die Woord. Daarom is hulle volgende stap in hulle antwoord om aan te dui watter vrae die dokument by hulle oor hulle eie opvatting na vore geroep het en aan te dui waar hulle moontlik uit die dokument kan leer. Die volgende sake is dan ter sprake: 'n Groter klem op die Nagmaal as 'n daad van dankbetuiging aan die Vader teenoor die baie swaar klem op die lyding en dood van Christus en die erns van bekering in die Reformatoriese tradisie; 'n groter verwysing na die Trinitariese dimensie van die Nagmaal teenoor die sterk Christologiese siening van die Protestantisme; nadenke oor die vraag of die doop nie die weg open vir die deelname van kinders aan die Nagmaal nie; die vraag na die korrekte hantering van die elemente van die Nagmaal.

Ook in lyn met hulle Reformatoriese tradisie dui die kerk in Baden 'n aantal sake in die B E M-dokument aan wat hulle beskou as nie versoenbaar met die getuienis van die Woord en met hulle belydenis nie. Hulle behandel dit onder die opskrif 'Navrae en voorbehoude'. Dit is baie opmerklik dat hulle in hierdie opskrif nie die vraag stel nie: Waar verskil ons? By die opskrifte van die ander afdelings is byvoorbeeld vrae gestel soos: Waar stem ons ooreen? en Wat kan ons leer? Juis die weglating van die vraag: Waar verskil ons?, wys op een van die slaggate waarvoor 'n mens versigtig moet wees wanneer 'n mens die

ekumeniese gesprek voer, naamlik aan die een kant 'n geneigdheid om ten alle koste ooreenstemming te bereik en gemeenskaplike gronde aan te dui en aan die ander kant 'n neiging tot oorversigtigheid om verskilpunte aan te dui en belydenisstandpunte in te neem wat moontlik die ekumeniese gesprek kan benadeel. In elk geval, in die genoemde afdeling dui hulle sake aan soos dat die B E M-dokument neig om 'n erediens sonder die viering van die Nagmaal te beskou as 'n diens wat nie in die volle sin van die woord erediens is nie. Dit wil sê, die dokument neig volgens hulle om die teenwoordigheid van Christus in die erediens te veel te gaan bind aan sy teenwoordigheid in die Nagmaal; dat die bemiddeling (intersessie) van die kerk by die Nagmaal as 'n 'offer' beskryf word; dat daar 'n neiging in die dokument is om die kerk te sien as die eintlike instansie wat in die Nagmaal handel, in plaas van om Christus as die eerste handelende party te sien; dat die dokument nalaat om die Nagmaal as 'n maaltyd van vergewing van sondes te sien.

Die Badense kerk se antwoord word afgesluit met sekere voorstelle en aanbevelings vir die verdere hantering en hersiening van die dokument.

Die reaksie van die Rooms-Katolieke Kerk op die B E M-dokument in Volume VI getuig van 'n heel ander toonaard en ingesteldheid as dié van die Evangeliese Kerk in Baden. In die Rooms-Katolieke antwoord kom dit aan die een kant baie duidelik na vore dat die Rooms-Katolieke Kerk 'n inherente traagheid het (wat byna grens aan 'n onvermoë) om homself oop te stel vir die moontlikheid van hervorming in die Reformatoriese sin van die woord. Dit blyk daaruit dat die antwoord wat hulle voorlê, wemel van sinsnedes, soos 'Chatholics can recognize in the statement on the eucharist much that corresponds to the understanding and practice of apostolic fath' en 'The structure and ordering of the basic aspects of the document, as well as their relation to one another, conforms with Chatholic teaching', en 'This statement implies an understanding of the mystery of church and eucharist which corresponds to the traditional eucharistic ecclesiocology of the Chatholic Church'. Vanuit sodanige aanloop word dan alles wat ooreenstem met die Rooms-Katolieke standpunt beklemtoon. Daarteenoor word alles wat nie met die Rooms-Katolieke standpunt ooreenstem nie, benader vanuit sinsnedes, soos 'But at several points the notion of intercession is used in such a way that could seem too insufficient to explain the sacrificial nature of the eucharist in Chatholic sense' en 'For

Chatholics this is a central mystery of faith, and they cannot accept expressions that are ambiguous'.

Dit is baie duidelik dat dié reaksie eintlik nie verder gaan as 'n blote bevestiging van die Katolieke leer en geloof en 'n afwysing van standpunte wat nie daarmee ooreenstem nie. Daar is nie blyke van 'n bereidheid tot 'n werklike ekumeniese gesprek waarin die toetsing en bevraagtekening van die eie sowel as die ander party se standpunt 'n rol speel nie. Die hele saak word vanuit 'n verskuilde selfgenoegsaamheid benader. Die enigste saak waarom dit eintlik gaan, is die Katolieke leer. Daarom vind 'n mens nêrens die vraag 'Wat kan ons leer?', en 'Watter vrae word daar aan ons standpunt gestel?' soos 'n mens wel by die Evangeliese Kerk in Baden gekry het nie.

As 'n mens uit die Rooms-Katolieke Kerk se antwoord op die B E M-dokument 'n afleiding sou kon maak, dan is dit dat dit wil lyk asof die Rooms-Katolieke Kerk se opvatting van 'n ekumeniese gesprek daaruit bestaan dat ander kerke en hulle standpunte (wat in baie opsigte sal moet verander) in die groot stroom van die Rooms-Katolisisme opgeneem en geakkommodeer moet word sonder dat hulle self in leer en tradisie verander.

Beide Volumes is, soos die ander in die reeks, slapbanduitgawes. Dit is netjies en keurig versorg en goed gebind. Die hele reeks van ses volumes bevat die reaksie van meer as 160 kerke waaronder sommige kerke, soos die Rooms-Katolieke Kerk, nie aan die Wêreldraad van Kerke behoort nie. As 'n mens bereid is om diep te delf, kan 'n mens wel 'n goeie bron van inligting verkry oor die verskillende kerke se standpunte ten opsigte van die Doop, Nagmaal en Ampte (Bedieninge). 'n Mens moet wel byvoeg dat dit soms maar baie moeilik is om agter te kom wat die betrokke kerke se standpunt is. Daar moet baie tussen die lyne gelees word om agter te kom wat die standpune is, aangesien baie kerke se reaksie bepaal is deur 'n begeerte om sover moontlik by die dokument aan te sluit. Dit bly egter 'n omvangryke studie wat baie tyd in beslag sal neem om dit deeglik deur te werk. Dit is wel duidelik dat die reaksies op die B E M-dokument wat in hierdie volumes gegee word, nie in die ekumeniese gesprek geïgnoreer kan word nie.

---

**De Klerk, JC & Schnell, CW 1987 – A new look at Jesus: Literary and sociological-historical interpretations of Mark and John**

Pretoria: Van Schaik. 272 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Ds Ernest van Eck**

Volgens die skrywers is die oogmerk van hierdie werk om studie van die Bybel wat hedendaags meestal aan universiteite gedoen word, en daarom nie vir die man op straat al te maklik verstaanbaar is nie, so aan te bied dat ook die oningewyde lesers van die nuwere tendense in die bestudering van die Bybel kennis kan neem.

Die werk val in twee duidelike dele uiteen: Die eerste deel handel oor 'n literêre lees van Markus en Johannes en die tweede deel oor 'n sosio-historiese lees van hierdie twee evangelies. In die inleiding stel die skrywers voor dat die twee dele onafhanklik van mekaar gelees moet word. Alhoewel ek nie glo dat dit moontlik is nie (en later meer oor die noodsaaklike verband tussen hierdie twee metodes sal sê), sal hieronder soos volg te werk gegaan word. Eers sal die inhoud van die eerste deel kortliks weergegee word, waarna dit kortliks geëvalueer sal word. Nadat dieselfde werkwyse ten opsigte van die tweede deel gevolg is, sal ten slotte 'n paar opmerkings oor die werk as geheel gemaak word.

Deel Een van die werk val in drie dele uiteen. In hoofstuk Een word aandag gegee aan die Nuwe Testament as literatuur, in hoofstuk Twee kom Markus en Johannes as vertellinge aan die beurt en in die laaste hoofstuk word iets gesê oor die vertel en lees van hierdie twee Evangelies.

Volgens De Klerk is die aandag van die literêre studie van die Nuwe Testament grootliks toegespits op die teks as literêre objek. Meer spesifiek sal sake soos die plot van 'n vertelling, die funksie van die onderskeie karakters en ook karakteropbou in so 'n studie aandag ontvang. Motiewe vir hierdie benadering is syns insiens veral geleë in onder andere 'n onbehae met die resultate van die historiese kritiek, die besef dat die hulpwetenskappe ook 'n rol te speel het in die studie van die Bybel, asook die feit dat ons in 'n nuwe kenteorie inbeweeg het wat betref ons manier van 'ken' van tekste. Markus en Johannes moet as vertellinge gesien word met die funksie om te refereer na 'n wêreld wat agter die teks lê en waarmee die leser hom/haar moet identifiseer.

Hoofstuk Twee bestaan uit vyf afdelings. Eerstens word die funksie wat gebeure en handelinge in 'n vertellling het, bespreek. Die gebruik van die verlede, hede en toekoms in die teks word behandel, asook die frekwensie en die funksie van die voorkoms van kronologiese data. In die tweede deel kom die plot van 'n vertelling aan die beurt. Markus se plot kan as 'n kombinasie van 'n handelings- en openbaringsplot

getipeer word, terwyl Johannes die openbaringsvorm as plot het. Vervolgens kry die sekwensie en koherensie van die plot, opponerende elemente in die plot, die basiese funksies in die plot en konflikontwikkeling in die plot aandag. Laastens word die soorte plotpatrone bespreek.

Afdelings drie en vier volg hierna uit afdeling twee, deurdat die plot van eers Markus en daarna Johannes bespreek word. Markus se vertelling is op die 'cruciform pattern' gebou (positiewe opbou met 'n duidelike draaipunt en dan weer afwaarts). Hierdie draaipunt in Markus is Markus 8: 27–29. Daar is egter ook elemente van die 'descend-positive denouncement'-patroon teenwoordig. Hierna bespreek De Klerk ander bydraes wat in hierdie verband gemaak is. Die standpunte van Schweitzer, Tannehill en Van Iersel word behandel, waarna dié van Tannehill (slegs sy narratiewe analise) met sekere voorbehoude aanvaar word. Die plot van Markus bly egter een wat uit meer as een tema of motief bestaan en wat nie baie koherent is nie. Laasgenoemde is ook sy standpunt wat die plot van Johannes aanbetref. Alhoewel hy hierdie Evangelie se plot met die 'one-way ascent'-tipe beskryf, asook met baie sterk elemente van die sogenaamde 'nie-aksie'-plot, toon die plot min koherensie. Hierdie afdeling word afgesluit met 'n paar opmerkings oor spanning in 'n vertelling. Beide Evangelies handhaaf volgens sy insigte baie lae spanningsprofiele.

In afdeling twee van hoofstuk Twee hanteer De Klerk die funksie van ruimte asook karakterisering in 'n vertelling. In beide Evangelies is die funksie van ruimte bloot om 'n realistiese agtergrond te skep waarteen die verhaal afspeel. Die karakters in 'n vertelling word egter meer volledig gehanteer. Hierdie is beslis die beste aspek van De Klerk se bydrae. Die funksies van karakters word bespreek, die soorte karakters, die evaluasie van karakters en ook die karakterontleding soos in die Greimas/Propp-model aangetref. Op grond van laasgenoemde onderskeid word laastens die karakterisering in die twee Evangelies bespreek.

In De Klerk se laaste hoofstuk hanteer hy die verteller en die leser in 'n vertelling. In die eerste gedeelte word onderskeid getref tussen onder andere 'n uitgewer, redaktor en outeur. Nadat 'n paar opmerkings gemaak is oor die seleksie en ordening van die materiaal deur 'n verteller van sy vertelmateriaal, word konstruksies van die implisiete outeur in beide die Evangelies aangebied. Hierdie gedeeltes kan gerus gelees word. Die gedeele word dan afgesluit deur 'n paar opmerkings te maak oor 'point of view'. Hier word onder andere aandag gegee aan die

interpretatiewe, informatiewe en evaluatiewe funksies van die verteller. Na 'n bydrae oor die lesers van die onderskeie Evangelies, word De Klerk se bydrae afgesluit met 'n gedeelte oor die styl van die twee vertellings.

Die volgende kritiese opmerkings kan ten opsigte van die bydrae van De Klerk gemaak word. De Klerk gaan duidelik van die standpunt uit dat sy manier om die teks te bestudeer, anders is as die metode wat in die historiese kritiek toegepas is. Dit skryf hy toe aan 'n nuwe paradigma wat in die manier hoe 'n teks 'geken word', anders daarna uisien as dié wat in die historiese kritiek aangetref word (vgl bl 4 en 6). Hiermee kan ek nie saamstem nie. Dat ons vandag in terme van 'n radikale nuwe kenteorie werk (die sg holisme) teenoor die historiese (analitiese) is 'n illusie. Die aard van ons kenteoreë word ten diepste bepaal deur die verhouding subjek (eksegeet) en objek (teks). Duidelik het hierdie verhouding in die sogenaamde nuwe paradigma nie verander nie. Soos by die historiese kritiek word die teks ook nog hier as objek bestudeer. Die verandering in metologie warna De Klerk verwys kan anders verklaar word as 'n revolusie met betrekking tot kenteorie.*

De Klerk se hele hantering van die plot van 'n vertelling kom vir my baie vreemd voor. Wanneer die plot in hedendaagse literatuurteorietiese werke (vgl by Genette; Rimon-Kenan; Bal; Brink; Gräbe) bespreek word, word daar gewoonlik tussen die storie, verteltek en vertelhandeling onderskei. Die funksie van die plot het grootliks te make met hoe die verteller (deur sy vertelhandeling) die karakters, tyd, plek en gebeure van die storie in die verteltek laat neerslag vind. Hierdie aspekte word deur hom wel op verskillende plekke in sy aanbieding bespreek, maar nêrens word die indruk gelaat dat hierdie verskillende aspekte van 'n vertelling 'n eenheid vorm in terme van die plot van die vertelling nie. Indien De Klerk die hedendaagse literêre studie van die Nuwe Testament aan die oningewyde wou verduidelik, sou hierdie sake tog seker aandag moes kry. Hy bied egter die plot op 'n manier aan wat vreemd aan hedendaagse literatuurteorieë is. Juis om hierdie redes glo ek is hy so negatief teenoor die werke van Schweitzer en veral Van Iersel. Van Iersel werk in elk geval met totaal ander premisses as De Klerk.

---

* Vgl Van Aarde, AG 1988, Historical criticism and holism: Heading towards a new paradigm?, in Mouton, J, Van Aarde, AG & Vorster, WS (eds), *Paradigms and progress in theology*, 46–64. Pretoria: HSRC.

Persoonlik kry ek die indruk dat De Klerk hier anders (dalk nuut?) wil wees, en kom hy daarom vreemd voor. Hoe kan daar aanvaar word dat in die twee Evangelies 'n verteller teenwoordig is wat selekteer en orden (bl 108), die plot wel kronologies georden word (bl 15), ruimte bydra tot hierdie kronologiese ordening, dat 'point of view' wel in die twee vertellings funksioneer (bl 112–116), en dan nog steeds die mening huldig dat die twee Evangelies **geen** struktuur het nie? Myns insiens is dit onmoontlik. Alhoewel hy 'n literêre analise van die twee Evangelies wil bied, sou ek sy bydrae eerder wou tipeer as 'n strukturele analise van sekere literêre beginsels wat in 'n vertelling voorkom. Sommige beginsels word wel goed beskryf, maar 'n aanduiding van hoe hierdie verskillende aspekte by mekaar aansluit en so 'n verteltekst vorm, ontbreek.

De Klerk se onkritiese hantering van die woord 'story' (vgl oa bl 109 en 112) verdien ook aandag. In die literatuurteorie word storie as *histoire* van die verteltekst (*recit*) en die vertelhandeling (*narration*) onderskei. Die storie is die logies-kronologiese gebeure wat in die verteltekst geabstraheer kan word en wat die verteller deur sy vertelhandeling tot verteltekst omvorm het. Wat sou De Klerk sy 'story' noem? Vir my lyk dit of hy daarmee na die verteltekst verwys. In 'n werk wat 'n literêre analise wil wees, en dus literatuurteoretiese terme baie krities moet aanwend, is so 'n fout problematies. Ook sy beskrywing van die verskil tussen 'discourse time' en 'story time' (bl 109) is uiters problematies. In die werk van Brink en Chatman (in sy eie literatuurlys) sal hy hierdie onderskeid se korrekte interpretasie kan nalees.

Sy benadering val duidelik nie in die hoofstroom van die hedendaagse literatuurteoretiese benadering tot 'n vertelling nie. Sy opmerkings op bladsye 21 en 27, te wete dat daar nog maar min op die literêre veld van die Markusevangelie gewerk is, word in hierdie lig ook duideliker. Daar is beslis 'n hele aantal werke wat reeds in hierdie verband verskyn het. Ook sy uitspraak op bladsy 14 dat daar onder literatuurteoretici nog geen ooreenstemming bestaan oor wat 'n plot sou wees en uit watter elemente die plot sou bestaan nie, is baie vreemd. Die werke deur hom gebruik (en in sy literatuurlys opgeneem) skep myns insiens wel die indruk dat daar konsensus oor die plot en die noodsaaklike elemente van die plot bestaan. Of het ek al hierdie bronne totaal verkeerd gelees? Die hele aspek van ruimte ontvang ook nie veel aandag in sy aanbieding nie. Indien hy die onderskeid tussen speelruimte en belangeruimte in ag geneem het, glo ek sou hy ook meer van byvoorbeeld die struktuur van die Markusevangelie kon gemaak het.

In die tweede deel van die onderhawige werk bied CW Schnell 'n sosio-historiese analise van die Markus- en Johannesevangelie aan. Hierdie bydrae is werklik puik aangebied. Wanneer daar in ag geneem word dat die sosio-historiese analise van die Evangelies in Suid-Afrika nog baie min aandag ontvang het, is hierdie bydrae van groot belang vir toekomstige studie in hierdie verband. Schnell begin sy bydrae deur in hoofstuk Vier iets te sê oor die betekenis en die interpretasie van historiese gebeurtenisse. Oorsaak en gevolg speel in die verstaan van wat geskiedenis is, 'n groot rol. Somtyds word die verhouding tussen hierdie twee sake in terme van 'n **positiwisme** en somtyds weer as 'n **historisme** beskryf. Volgens Schnell is hierdie twee beskrywings albei uiterstes op weerskante van die skaal, en juis daarom verkies hy eerder 'n middeweg, naamlik die funksionalistiese verstaan van die geskiedenis, en veral soos dit na vore kom in die model van Talcot Parsons (bl 142–145).

Die model van Parsons kom basies op die volgende neer: Die samelewing kan in vier komponente ingedeel word, te wete 'n kulturele, sosiale, organiese en indiwidualistiese komponent. Eersgenoemde is verantwoordelik vir die skep van 'n universele patroon en die verskaffing van inligting sodat die ander drie komponente in hierdie geheel sinvol kan funksioneer. Die sosiale komponent verwerk die inligting wat hy van die kulturele komponent ontvang tot norme vir die indiwidu (indiwiduele komponent) wat op grond van hierdie neergelegde norme self besluite kan neem en kan opereer. Die organiese element stel die gemeenskap in staat om te verander as dit moet.

Met hierdie model van Parsons in die oog, kies Schnell die volgende vertrekpunt: In die Johannes- en Markusevangelie wil hy veral die eerste twee komponente van Parsons, te wete die kulturele en die sosiale komponent nagaan, en meer in die besonder klem lê op die verhouding tussen die sosiale sisteem wat in Jesus se prediking na vore kom en die kulturele sisteem waarin Jesus opereer.

Voordat Schnell in hoofstukke ses en sewe oorgaan tot bogenoemde konstruksies, bied hy in hoostuk 5 eers 'n konstruksie van Jesus se prediking aan soos gebaseer op die inligting wat in die Sinoptiese Evangelies beskikbaar is. Hier word veral klem gelê op Jesus se prediking as sodanig, en nie soos geïnterpreteer deur die Evangeliste nie. Veral twee kriteria kan vir hierdie konstruksie aangewend word, te wete dié van koherensie en dié van nie-ooreenstemming (vgl ook die vyf premisses op bl 168–169 wat in hierdie verband deur Schnell genoem word).

Op grond van die model van Parsons sien Schnell die prediking van Jesus soos volg: Die kulturele sisteem wat funksioneer, is 'n nuwe verstaan van God as die liefdevolle en vergewende Vader. Vir Jesus gaan dit nooit om die natuur van God nie, maar slegs om dit wat God aan die mens wil bied. Die sosiale sisteem wat uit hierdie kulturele sisteem voortspruit, is die koninkryk van God. Die klem op sowel die teenwoordigheid van die koninkryk as die immanensie van die finale oordeel funksioneer baie sterk in hierdie sosiale sisteem van Jesus. In hierdie sosiale sisteem van Jesus maak Hy geen voorsiening vir die institusionele kerk nie, en is Hy ook baie negatief teenoor die ekonomie en die politiek van sy dag. Wat interpersoonlike verhoudings betref, voorsien die wet die norme waarvolgens geleef moet word. Die wet moet egter gesien word in terme van liefde en gehoorsaamheid. Die hele wet bly dus geldig, maar altyd met die korrekte interpretasie daarvan. In afdeling ses van die hoofstuk word bogenoemde konstruksie vergelyk met die historiese konteks waarin Jesus se prediking gefunksioneer het. Hierdie vergelyking laat Schnell dan ook tot die gevolgtrekking kom dat Jesus se prediking wel 'n nuwe kulturele en sosiale sisteem geïmpliseer het.

In hoofstuk Ses onderwerp Schnell die Markusevangelie aan die hand van die model van Parsons. Hy begin deur die sosio-historiese konteks van Markus te bepaal, waaroor die volgende kort opmerkings gemaak kan word: Die gemeente sien hulleself as die nuwe verbondsvolk en neem die vorm van 'n esoteriese gemeenskap iewers in Palestina, maar beslis nie in Rome nie, aan. Die korrekte interpretasie van die Ou Testament speel 'n belangrike rol in die gemeente, en die gemeente word fel deur die Joodse outoriteite vervolg. Tog wil die gemeente sy Joodse wortels nie los nie. Hierdie krisis word opgelos deurdat hulle glo dat die wederkoms van die Seun van God spoedig sal aanbreek. Die kulturele sisteem (vgl Parsons) wat funksioneer, is dus een waar die Seun van God gesien word as die lydende Seun van die mens. In hierdie beskouing van die gemeente speel die wonderwerke van Jesus, die Christologiese titels en die kruis en die opstanding van Jesus 'n belangrike rol. Die sosiale sisteem wat hieruit voortvloei, is 'n koninkryk wat beide die goeie en die bose inhou. Die koninkryk is alreeds hier, maar tog ook nie. 'n Duidelike breuk met die owerhede en die ekonomiese lewe is ook duidelik sigbaar.

Die kulturele en sosiale sisteme wat in die Evangelie funsioneer het dus 'n duidelike invloed op mekaar. Jesus se verkondiging van die koninkryk van God bring verlossing, maar eindig in die dood. Ook die

opstanding bring vervolging en onderdrukking. So word Jesus se dood die simbool van die sosiale sisteem in die Evangelie waarvolgens die dissipels en die gemeente moet lewe.

In hoofstuk Sewe pas Schnell dieselfde teorie van Parsons op die Johannesevangelie toe. Volgens hom kan die sosio-historiese omstandighede van die Johannesgemeente soos volg getipeer word: Die gemeente is 'n groep eks-Jode aan die einde van die eerste eeu wat hulle apart wil sien van die Joodse godsdiens en veral die wêreld waarin hulle leef. Hulle beskou die Jode as die groep wat vir Jesus as Seun van God gekruisig het, en word op grond van hierdie oortuiging, dat Jesus die ware Seun van God was, deur die Jode vervolg. Geen kerkregering kom voor nie en dit kan baie moeilik met duidelikheid gesê word waar die gemeente hom bevind het.

Die kulturele simbolisme waarmee die gemeente opereer, is die oortuiging dat Jesus die gestuurde van die Vader was. Op grond van predestinasie funksioneer daar 'n baie sterk dualisme in die gemeente: Hulle wat nie glo nie, is verlore; nie omdat hulle nie wou glo nie, maar omdat dit vooraf so bestem was. Die Jode glo nie, omdat hulle nie van die begin af uitverkies was nie. Baie klem word ook op die predestinasie van Jesus gelê: Jesus kom die donker wêreld vanaf die lig binne, en sy 'andersheid' kom na vore in sy wonders, sy eer en die titels wat aan Hom toegeken word, asook sy eenheid met die Vader.

Bogenoemde kulturele sisteem lei tot 'n duidelike dualisme in die sosiologiese sisteem waarbinne die gemeente optree. 'n Duidelike dualisme kom in die gedagtes rondom die koninkryk voor. Die gemeente is nie van hierdie wêreld nie, maar tog in hierdie wêreld. Die interpersoonlike verhoudingslewe word deur die liefdesgebod bepaal, en die politieke sowel as die ekonomiese lewe is verbonde aan 'hierdie' wêreld, en word daarom as sondig beskou.

Die bydrae van Schnell slaag daarin om die sosiologiese metodes so aan te bied dat die oningeligte leser die resultate daarvan snap. Sy bydrae vorm nie net 'n geheel nie, maar hy het ook daarin geslaag om die andersins moeilike model van Parsons deurentyd konsekwent en eenvoudig toe te pas. Ook sy literatuurlyste met die kort opsomming by elke werk is 'n groot pluspunt vir die gewone leser.

'n Paar kritiese opmerkings moet egter tog gemaak word. Schnell se konstruksie van wat hy die 'Jesus van Nasaret' noem, is in 'n groot mate baie problematies. Om van die standpunt uit te gaan dat die prediking van Jesus baie min deur die teologie van die gemeente gekleur, toegepas en verander is, en daarom baie nader aan Jesus lê as byvoor-

beeld die vertellings oor die opstanding en hemelvaart van Jesus, is nie baie oortuigend nie. Hierdie standpunt kan, bloot op grond van ons afstand tot die teks, baie moeilik met sekerheid aanvaar word. Markus, wat minstens 35–40 jaar na Jesus se aardse lewe geskryf is, is nie net heelwat verwyderd van die aardse Jesus nie, maar is ook geskryf deur gebruik te maak van mondelinge oorleweringe. Om te aanvaar dat die prediking van Jesus in die mondelinge tradisie met meer 'respek', of dan anders as die ander berigte oor Jesus, gehanteer en oorgelewer is, gaan eenvoudig net nie op nie.

Ook is Schnell se konstruksie van die historiese konteks waarin Jesus sou opgetree het (bl 194–200), te simplisties aangebied. Wanneer daar gepoog word om op grond van inligting in die Evangelies 'n konteks van Jesus te konstrueer, moet dit altyd in die oog gehou word dat die sosiale konteks waarin Jesus in die Evangelies geplaas is, 'n nuwe konteks is, te wete die werklike historiese konteks van Jesus (voor-pase), maar altyd soos geïnterpreteer deur die Evangeliste. Jesus se sogenaamde strydgesprekke met die Fariseërs wat ons so dikwels in die Evangelies aantref, is in baie gevalle 'n terugprojeksie van 'n situasie wat in die gemeente van die Evangeliste plaasgevind het, en dan aangebied word as voor-pase om aan die gemeente te toon dat ook Jesus in sy lewe met hierdie probleem in die uitleef van sy boodskap te make gehad het. Neusner het onder andere aangetoon dat ons versigtig moet wees om die Farisese-beweging voor en na 70 nC te simplisties en ongedifferensieërd te sien. Die Farisese beweging voor 70 nC, en dus in die tyd van Jesus, het duidelik uit baie strominge bestaan. Jesus self was dalk 'n lid van een van hierdie groepe in die hoofstroom van die Farisese-beweging gewees (vgl die uiteensettings van Luz en Wild). Schnell se standpunt dat vergiffenis van sonde deel uitmaak van die beeld wat Jesus van God aan die mense van sy tyd voorgehou het, gaan veral op grond van bogenoemde werk van Neusner (en ook dié van Luz en Wild) nie op nie. Vir Jesus was vroomheid en die regte wetsinterpretasie baie hoog aangeskryf. Sy wetsinterpretasie was immers ook die rede van hoekom hy al hoe meer konflik met die Joodse leiers ervaar het. Die gedagte van die vergiffenis van sonde het moontlik as 'n na-pase interpretasie van Jesus se optrede ontstaan in analogie met die gedagte dat sy kruisdood 'n offer vir sondes was.

'n Laaste opmerking kan gemaak word oor die moontlikheid van 'n kombinasie van die twee metodes wat in hierdie werk aangebied is. Schnell maak immers ook so terloops die opmerking op bladsy 150 dat dit wel moontlik sou kon wees. Myns insiens is hierdie 'n metodolo-

giese aspek van die bestudering van verteltekste wat in die toekoms baie sterk na vore gaan tree. In Suid-Afrika is dit veral Van Aarde wat so 'n metodologie baie sterk begin oorweeg. Indien ons erns wil maak met die feit dat elke Evangelie (as 'n kommunikasiegebeure 'n taalgebeure in 'n spesifiek historiese konteks was, kan ons ook nie anders nie. Vir 'n verantwoordelike bestudering van die taalgebeure is 'n literêre (narratologiese) analise noodsaaklik, en vir die konstruksie van die historiese konteks waarin hierdie boodskap uitgespreek is, 'n sosiohistoriese analise.

Ten slotte 'n paar formele opmerkings: Op bladsy 158 word die drie metodes wat in die historiese kritiek gefunksioneer het as (i), (b) en (c) genommer, in plaas van (i), (ii) en (iii), soos dit in die volgende paragraaf ook gehanteer word. Op bladsy 212 is nagelaat om Deel III te vertaal as Part III. Die gebruik om na teksverse te verwys in terme van ff (en volgende verse) moet ook liewer probeer vermy word.

Vir diegene wat veral in die sosiologiee lees van tekste belang stel, word hierdie werk beslis aanbeveel. Kritiek en dabatvoering oor die verskillende lees van Bybelse tekste kan net lei tot progressie in die teologie en ons verstaan van die Bybel.

---

**Maatman, R 1987 – Natural science and two themes in human history**

Potchefstroom: PU vir CHO. Reeks F1, IRS-studiestukke No 239. 19 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Prof Wentzel van Huyssteen**

Hierdie publikasie van die Instituut vir Reformatoriese Studie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys moet beoordeel word teen die agtergrond van 'n geweldige oplewing in belangstelling in die probleemveld **godsdiens** en **wetenskap** in ons tyd. Gedurende die afgelope paar jaar is sentra en institute vir Godsdiens en Wetenskap gestig te Berkeley, Princeton en Chicago (in die VSA), asook aan die Universiteit van Oxford in Engeland. Lewendige belangstelling in die problematiek rondom die verhouding God en wêreld, die implikasies van entropie en die sogenaamde 'Big Bang'-teorie vir die teologie, asook die verhouding evolusie en skepping staan in hierdie

navorsing sentraal. In Europa is gedurende 1988 die Tweede Europese Kongres oor Godsdiens en Wetenskap in Nederland gehou.

Teen hierdie agtergrond is die publikasie – wat waarskynlik nie bedoel is om meer as slegs 'n populêre artikel te wees nie – besonder teleurstellend en uiteindelik vir 'n uiters aktuele problematiek eintlik heeltemal irrelevant.

Twee belangrike temas, naamlik menslike prestasie en rebellie teen God, en menslike prestasie en gehoorsaamheid aan God, word in hierdie werkie op betreklik simplistiese wyse geïllustreer aan 'goeie' en 'slegte' ontwikkelinge in die moderne wetenskap en tegnologie. Die enigste wins van hierdie benadering is die insig dat geloof in God universele implikasies het vir soverre dit die verhouding God en werklikheid sonder meer direk aan die orde stel.

Die mees problematiese gegewe van hierdie publikasie is 'n versonke naïef-realistiese denkmodel wat in literalistiese en fundamentalistiese uitsprake sterk na vore kom: So word byvoorbeeld gestel dat die sonde van Adam en Eva 'feite van die menslike geskiedenis is' (bl 1); word 'n oorbeklemtoning van individualisme op dieselfde vlak as 'n 'luister na Satan' gesien; en word metafisies gespekuleer hoedat wetenskap moontlik sou ontwikkel het indien die mens nie gesondig het nie (bl 3).

Die afhanklikheid van moderne booshede soos oorlog en omgewingsbesoedeling van die moderne wetenskap en tegniek word vaagweg aan die mens se rebellie teen God gekoppel. Die lewensbelangrike teodisee-vraag, as dié konseptuele probleem wat elke teologiese model voor sy mees ingrypende toets plaas, kom hier hoegenaamd nie aan die orde nie.

Mag die lewensbelangrike Godsdiens- en Wetenskapproblematiek in Suid-Afrika 'n gesprek stimuleer wat op 'n veel hoër vlak sal plaasvind as wat hier die geval is.

---

**Pretorius, HL, Odendaal, AA, Robinson, PJ & Van der Merwe, G (eds) 1987 – Reflecting on mission in the African context**

Bloemfontein: Pro Christo Publications. 196 bladsye. Prys R18,00

**Resensent: Dr DJC van Wyk**

Die oogmerk van die redakteurs met hierdie werk was, volgens die voorwoord, om 'n missiologiese publikasie daar te stel vir gebruik deur

studente. Anders egter as die meeste populêre werke wat op die vakgebied van die Missiologie verskyn en uit 'n Westerse vertrekpunt aangepak word, is hierdie werk saamgestel vanuit, in en vir die Afrika-konteks.

Benewens die redakteurs het die volgende teoloë bydraes tot die werk gelewer: proff DJ Bosch, J du Preez, CJA Greyling, GC Oosthuizen, JH Smit, JA van Wyk, A van Niekerk en dr JJ Kritzinger. Die volgende hooftemas, onderverdeel in 'n wye reeks subtemas is gedek: 'n Inleiding tot die Missiologie; 'n Bybelse fundering van die sending; die belangrikste sendingteologieë en sendingmodelle; die makro-, mikro- en religieuse konteks van sending; die inhoud van die kerk se getuienisopdrag; die kommunikering van die evangelie; sending en ekumene, en motiewe vir sending.

In die werk word min werklike nuwe insigte en perspektiewe gebied. Die redakteurs erken dit self in die voorwoord. Die bedoeling was eerder om vir studente in breë lyne te skets waarom dit in die sending en die Sendingwetenskap gaan; en om dit te doen binne 'n Afrika-konteks.

Beoordeel in die lig van hierdie doelwit, slaag die werk. Dit kan met vrymoedigheid as inleiding tot die studie van die Sendingwetenskap aanbeveel word. Naas die inhoud, bied die literatuurlys aan die einde van elke hoofstuk aan studente 'n handige oorsig oor die belangrikste publikasies op die terrein van die Sendingwetenskap. Die sesde hoofstuk wy 'n hele reeks kwessies aan wat wesenlik is vir enigeen wat hom in Afrika-konteks besig hou met die kerk se sendingopdrag: Sinkretisme, verering van voorouergeeste, inheemse kerke in Afrika, geloof in magiese kragte, die oordra van die evangelie aan Moslems en Hindoes.

Hoewel daar oral in die werk aanspraak gemaak word op balans, ly werklike ewewigtigheid tog skade omdat die leser die indruk kry dat al die meewerkers min of meer uit dieselfde hoek kyk: Dié hoek in die Nederduitse Gereformeerde Kerk waar sterk simpatie met die ekumene bestaan asook skerp kritiek teen die Afrikaanse Kerke en die bestaande samelewingstrukture in Suid-Afrika met veral apartheid as die vername sondebok.

Hier word met die volgende enkele kritiese opmerkings en vrae volstaan.

- DJ Bosch is opgenome met die toenadering wat hy meen waar te neem tussen *evangelicals* en *ecumenicals*. Uit resente gebeure en publikasies bestaan die indruk egter by ander dat hoewel dit waar is

dat die kloof tussen dié twee sendingteologiese modelle en tradisies aan die vernou is, dit veeleer 'n geval is dat die evangeliese totaal opgaan in en ingesluk word deur die ekumeniese.

- Die teologies-wetenskaplike gehalte word plek-plek geskaad deur 'n onkritiese benadering tot omstrede sake soos die ekumeniese beweging self en sy dialoogprogram. So word dialoog verdedig met die stelling 'Dialogue is not something strange in the Bible'. Dit word dan gestaaf deur te verwys na voorbeelde in die Bybel waar mense geleentheid kry om hul vrees, twyfel en klagtes uit te spreek; of na voorbeelde van gesprekke tussen prediker en gehoor. Maar is dit werklik die sake waarom dit gaan in die huidige debat rondom dialoog? Die wesenlike vraag sou tog wees of die Ou Testament byvoorbeeld iets leer oor dialoog tussen Israel en die volkere? Wys die Ou Testament dit nie juis af nie?

---

**Burger, CW, Müller, BA & Smit, DJ (red) 1988 – Riglyne vir prediking oor die Genesisverhale: Woord teen die lig, II/3**

Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 295 bladsye. Prys R33,00.

**Resensent: Prof PM Venter**

Hierdie publikasie val binne die kader van die homiletiek. Dit wil riglyne aanbied vir die prediking uit die boek Genesis. Die materiaal van Genesis is oorwegend verhalend van aard. Die agt medewerkers het dit daarom vir hulleself ten doel gestel om die struktuur en beweging van die Bybelverhale in Genesis bepalend te maak vir die struktuur en die beweging van die preeksketse wat hulle aanbied. In totaal bied die boek dan ook nege en twintig preeksketse aan uit Genesis.

Die werkwyse wat gevolg word, is om met die verskillende verteleenhede in hulle eindvorm en hulle eindstruktuur te werk. Genesis word in vier hoofvertellings verdeel:

- die Oergeskiedenis (Genesis 1–11: 26)
- die Abrahamsgeskiedenis (Genesis 11: 27–27: 18)
- die Jakobsgeskiedenis (Genesis 25: 19–36: 43)
- die Josefgeskiedenis (Genesis 37–50).

Binne die raamwerk van hierdie geskiedenisse word die verskillende verteleenhede waaruit dit bestaan, geïdentifiseer en aan die hand van 'n drieledige skema (eksegeties -hermeneuties -homileties) bespreek. Onder die eksegetiese afdeling word nie soseer aandag gegee aan afsonderlike eksegetiese aspekte van die vertelling nie, maar eerder aan die geheelstruktuur. Die indruk wat 'n mens kry by sommige bydraers, is dat dit by voorkeur 'preekbare' temas eerder as literêre temas is wat hier uitgewys word. Onder die hermeneutiese afdeling word in besonder aandag gegee aan die maniere waarop daar al oor die bepaalde gedeelte gespreek is. Die uitsprake van 'n breë verskeidenheid eksegete en homilete word sistematies aangebied volgens die temas wat hulle in die gedeelte beklemtoon het. By die homiletiese gedeelte bied die betrokke bydraer 'n preekskets aan (in sommige gevalle meer as een) van hoe hy oor die gedeelte onder bespreking sou preek.

Die publikasie het verskeie winspunte. Die belangrikste is waarskynlik die wyse waarop die Ou Testament hanteer word. Die bydraers wou doelbewus nie met Christologiese metodes werk nie. Die gevaar van 'n geforseerde heilshistoriese benadering word noukeurig vermy. Waar daar ooreenkoms is met bepaalde gedeeltes of gedagtes uit die Nuwe Testament, word dit aangedui. Die ooreenkoms word egter nooit oorspan nie. Daar word op 'n oortuigende en tegelyk verantwoordbare wyse aangetoon hoe die Ou Testament binne die Christelike kerk gebruik kan word. 'n Verdere kredietpunt is die wydbelesenheid van die bydraers. Insiggewende verwysings word na literatuur gemaak, selfs buite die teologiese veld, wat dikwels verrassende opheldering bied. Nog 'n winspunt is dat die Bybelse materiaal werklik prakties deurgetrek word na die lewenspraktyk van die moderne gelowige. Die beklemtoning van die performatiewe eerder as die illustratiewe funksie van die Bybelverhale, werp hier baie goeie vrugte af.

Aan die debietkant staan 'n bepaalde teleurstelling van leserskant af. In die inleidende gedeelte oor die prediking van verhalende stowwe in die Bybel word die verwagting geskep dat 'n mens hier 'n publikasie in die hand het waarin die literêre dimensie van die teks sterk sal figureer in die hermeneutiese en homiletiese gedeeltes. Hierdie saak het egter by die verskillende bydraers op verskillende vlakke gerealiseer. In die deel oor die Oergeskiedenis en die Josefgeskiedenis het dit die nodige aandag ontvang. In die geval van die Josefgeskiedenis het dit egter geskied sonder dat daar op dieselfde vlak as by die ander bydraers aandag gegee is aan die homiletiese standpunte van ander navorsers. By die ander bydraers is verwys na wat in kommentare gesê word oor

die verhalende aspek van die vertellings – ongelukkig oorwegend kommentare uit 'n tyd voor die huidige narratiewe navorsing (wat in die inleidende gedeelte aangedui word) en in 'n idioom waarin die huidige verfyning in verhaalnavorsing ontbreek. Daardeur gaan die trefkrag van die verhaal as *narration* verlore wanneer dit uiteindelik by die preeksket daarvan uitkom. Dit hang ook saam met 'n ander saak: Alhoewel daar soms na die situasie van navorsers verwys word, geniet die kontekstuele aspek van die lesersresponsie nie die nodige aandag nie. Die navorsers word nie genoegsaam binne die strominge en die kontekste waarin hulle gewerk het, beoordeel nie. Wat bepalend was in hulle uitsprake is dikwels so ver verwyderd van die huidige Suid-Afrikaanse situasie dat daar 'n vreemdsoortige konnotasie aan verbonde is. Groter aandag aan hierdie aspek sou 'n meer kritiese sifting moontlik maak van dienlike en irrelevante uitsprake.

In sy geheel gesien kan hierdie publikasie positief beoordeel word. Dit is 'n waardevolle publikasie wat in kerklike kringe meer as welkom sal wees. Daar is werklik uitstaande gedeeltes in die boek, soos dié oor Abraham wat Isak moet offer (Genesis 22: 1–19) en die oor Jakob (Genesis 25: 19–34 en 27: 1–46). Wanneer die boek gekombineer word met die homileet se eie grondige eksegese, sal dit aan hom 'n verrykende bron van inligting verskaf wat hom in staat sal stel om preke van uitstaande gehalte te lewer.

---

**Bosman, HL & Loader, JA (eds) 1988 – Old Testament Storytellers: The literature of the Old Testament**

Kaapstad: Tafelberg. 150 bladsye. Prys R29,50 (avb uitgesluit).

**Resensent: Prof PM Venter**

Hierdie boek is bedoel om 'n literêr-historiese inleiding tot die groter verhaalkomplekse van die Ou Testament te wees. In opvolging van die eerste band van die reeks word teks, skrywer en leser as bepalende faktore by die lees van sulke verhaalkomplekse beskou. Hulle word gelees as tekste wat uit 'n vertellerperspektief geskryf is en aan die hand van die vertelkode verstaan moet word. Onder sulke groter verhaalkomplekse word die volgende verhale verstaan en in die sewe hoofstukke van die boek behandel:

- Die Heksateug
- Die Deuteronomistiese geskiedenis
- Die Kronistiese geskiedenis
- Die verhaal van Josef
- Rut
- Ester
- Jona.

Die vertrekpunt vir die behandeling van elke verhaalkompleks is die bestaande Bybelteks. Die struktuur van die verhaal word telkens baie kursories behandel. Daarna word gevra na die groei en ontstaan van hierdie teks. Veral in die geval van die eerste drie verhale gee dit geleentheid om die leser tegelyk in te lyf in die navorsing wat reeds gedoen is oor die ontstaan en ontwikkeling van die literatuur wat tot die eventuele Bybelteks gelei het. In die geval van die laaste vier verhale word die klem meer gelê op die wyses waarop die bepaalde verhaal in die navorsing verstaan is. Langs hierdie weg word Bybelteks en skrywer bymekaar uitgebring. Di skrywerperspektief word vervolgens gestel as die boodskap of bedoeling van die verhaal. Die bespreking van die laaste vier verhale word afgesluit met 'n bondige aanduiding van die wyse waarop die bepaalde verhaal in die verlede deur verskillende lesers verstaan is, met ander woorde die rol van die lesersresepsie.

Die winspunte van hierdie boek is:

- Die wyse waarop die verhale as afgeronde komplekse wat 'n bepaalde gesigshoek vertoon, behandel word;
- Die verwysing na die relevante navorsing wat daar oor elk van die verhale gedoen is en die aanduiding van die rigting waarin daar tans oor hierdie literatuur nagedink word;
- Die leesbare en uitstekende Engels waarin die boek vertaal is.

Die enigste opmerking wat gemaak word, is die vraag of die boek nie nog bruikbaarder sou wees indien die skets van die struktuur en inhoud van elke verhaal ietwat uitvoeriger kon wees nie.

In geheel gesien voorsien hierdie werk in 'n behoefte wat reeds vir geruime tyd bestaan in akademiese kringe. Dit behoort 'n gul ontvangs by alle Bybellesers te geniet.